

Hoofstuk 8: Empiriese gegewens en navorsingsbevindings te opsigte van die Xhosa adolessente.

8.1 Inleiding

Die navorser het probleme ervaar om met vyf Xhosa respondente die hele terapeutiese proses te voltooi. Twee van die respondente se ouers het gedurende die terapeutiese proses besluit om die kinders na uitgebreide familie in die Oos-Kaap te stuur en die navorser moes noodgedwonge weer twee ander respondente selekteer. Die navorser het met nege Xhosa respondente begin werk en het die hele terapeutiese proses met vier suksesvol voltooi. Die vyfde respondent het gedurende die terapeutiese proses onthul dat sy nie verkrag is nie, dat die beweerde oortreder haar kêrel is en dat sy toestemming vir seksuele omgang gegee het. Aangesien dit 'n realiteit is wat hom voordoet in praktyk, het die navorser besluit om haar steeds as een van die gevallestudies te bespreek. Die navorser het ook probleme ervaar met stiptelikheid deurdat baie van die respondente of te vroeg of te laat vir hulle sessies opgedaag het.

8.2 Bespreking van gevallestudies

8.2.1 Biografiese inligting van gevallestudie een: Lea Theron

Naam van die adolessent: Lea Theron

Kultuurgroep: Xhosa

Ouderdom: 15 jaar oud

Geslag: Vroulik

Aantal kinders in die gesin: 3

Huistaal: Afrikaans / Xhosa

8.2.1.1 Agtergrondinligting van Lea Theron

As kind het Lea en haar moeder baie rondgetrek. Sy is vanuit haar moeder se sorg verwyder weens gesinsgeweld en middelmisbruik. Lea is alreeds vir twee jaar in pleegsorg by mnr. en mev. Dunn wat 'n plek van veiligheid bestuur. Die betrokke dag van die voorval het Lea na die rolbaloefening na haar pleegouershuis geloop. Twee seuns van haar skool het agter haar geloop en die een seun het onaanvaarbare aanmerkings begin maak. Die seun het haar op die grond neergegooi en haar arms onder sy knieë gesit. Sy het gestoei om los te kom, maar hy het sy hand by haar klere ingedruk en haar betas by haar borste en vagina. Hy het ook lelike aanmerkings ten opsigte van haar privaatdele gemaak. Hy het opgestaan en sy het hom omgestoot. Hy

het haar met klippe gegooi. Sy het reguit huis toe gegaan en huilende vir haar pleegvader vertel wat gebeur het. Die navorser was na-ure op diens en het Lea en mev. Dunn by Hottentots-Holland Hospitaal ontmoet nadat Lea vroeër die dag ook teenoor haar pleegmoeder onthul het dat sy onsedelik aangerand is. Die navorser het PATCH asook die rol van die navorser aan hulle verduidelik en Lea het die wens uitgespreek om by die navorser in te skakel vir terapeutiese dienslewering. Die navorser het 'n PATCH krisiswerker gekontak om hulle verder te ondersteun tydens die mediese ondersoek en het 'n afspraak met hulle gemaak.

8.2.1.2 Impak van die beweerde onsedelike aanranding op Lea volgens die onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met Lea se pleegouers, mnr. en mev. Dunn.

Mnr. en mev. Dunn gee skriftelike toestemming vir Lea se deelname aan die navorsing.

Tabel 8.1 Agtergrondgeskiedenis van Lea Theron

ONDERWERPE:	GEBEURE:	IMPAK EN REAKSIE VAN DIE GEBEURE:
Ontwikkelingsgeskiedenis:	Ontwikkeling as kind is onbekend.	Huidig in pleegsorg.
	Traumagebeure: gesinsgeweld, blootstelling aan middelmisbruik, verwyder uit moeder se sorg.	Lea het baie verwerping beleef en het daarom 'n groot behoefte aan aandag en aanvaarding.
Gesondheidsgeskiedenis:	Geboorte tot onsedelike aanranding.	Kry epileptiese aanvalle as gespanne of opgewonde is, gebruik medikasie.
	Na onsedelike aanranding.	Lea het twee epileptiese aanvalle gekry na die voorval, waarna sy moeg is en hoofpyn kry.
Emosionele funksionering:	Voor onsedelike aanranding.	Gemoedstoestand wisselvallig. Sy is bekommerd oor wat met haar gaan gebeur na die twee jaar pleegplasing.
	Na onsedelike aanranding.	Gemoedstoestand wisselvallig: vrolik vs depressief. Selfbeeld negatief beïnvloed deur beweerde oortreder se lelike aanmerkings oor haar liggaam. Ander kinders

		maak ook soms aanmerkings oor Lea se bou. Lea was emosioneel na die voorval.
Interpersoonlike verhoudings:	Voor onsedelike aanranding.	Verhouding met ma is swak. Geen kontak met half-broers huidig nie.
	Na onsedelike aanranding.	Verhouding met portuurgroep is swak. Lea word daarvan beskuldig dat sy skinder. Geen kontak huidig met half-broers wat ook in plek van veiligheid is nie.
Gedragsprobleme:	Voor onsedelike aanranding.	Gehoorsame kind. Suig duim as sy slaap. Weggehardloop van haar ma se huis weens gesinsgeweld.
	Na onsedelike aanranding.	Gehoorsaam. Geen alkoholgebruik nie. Gedrag soms promisku.
Kognisie:	Voor en na onsedelike aanranding.	Geen huidige probleme nie.
Seksualiteit:	Voor en na onsedelike aanranding.	Gedrag soms promisku.
Skoolprestasie:	Voor onsedelike aanranding.	Skoolvordering en bywoning goed.
	Na onsedelike aanranding.	Sy het teruggegaan skool toe ten spyte daarvan dat beweerde oortreder in dieselfde skool is.
Voorval inligting:	Die onsedelike aanranding.	Pleegmoeder meen dat die vernedering vir Lea traumaties was. Hulle het 'n saak gerapporteer en Lea geneem vir 'n mediese ondersoek.
Dissipline:	Voor en na onsedelike aanranding.	Strafmetode is om haar te hok.
Gesinslewe:	Voor onsedelike aanranding.	In pleegsorg nadat sy verwyder is uit haar moeder se sorg.
	Na onsedelike aanranding.	Pleegouers ondersteun haar.

8.2.1.3 Verloop van sessie een. Teenwoordig: Lea, mnr. en mev. Dunn.

Die navorser voer 'n onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule (bylaag5) met Lea se pleegouers, waarna die navorser vir Lea alleen gesien het. Lea deel die inligting van die voorval met die navorser, (sien punt 6.2.1.3.). Sy voltooi 'n gedeelte van die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool.

Tabel 8.2: Kwalitatiewe data van sessie een met Lea Theron

LIGGAAMSHOUDING / NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	KONTAK MET DIE SELF / EMOSIONELE UITDRUKKING
Lea lyk ontsteld. Sy is spontaan en deel dadelik met die navorser wat op haar voorgrond is.	Lea vertel van die argument tussen haar en haar kamermaat en dat haar kamermaat vir haar gesê het dat sy op 'n dieet moet gaan en dat sy verrimpelde boude het. Volgens Lea het sy hartseer gevoel, maar het die tranes teruggehou.
Sy kom trots voor toe sy die navorser vertel dat sy deelneem aan rolbal, koor en dat sy gaan begin netbal speel.	Lea noem dat sy nie seks voor die huwelik sal hê of dwelms sal gebruik nie, aangesien sy al gesien het waardeur ander meisies moes gaan.
Sy lyk opgewonde daarvoor om deel te neem aan die navorsing en reageer positief op een-tot-een aandag.	Lea gee 'n goeie weergawe van die voorval en vertel dat sy gehuil het omdat die seun sonder haar toestemming in haar persoonlike spasioes gekom het.
Sy is mooi aangetrek en versorg. Dit lyk of sy van haar voorkoms hou, alhoewel sy baie negatiewe boodskappe ten opsigte van haar liggaamsbou ontvang.	Lea vertel dat sy genomineer is as klaskaptein en dat sy gebewe het toe sy op die verhoog gaan praat het.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Lea het op die oomblik nie 'n goeie verhouding met haar kamermaat of die ander meisies by die veiligheidsplasing nie, weens valse beskuldigings dat sy van ander skinder.	Op Lea se voorgrond is die argument met haar kamermaat en dat sy valslik daarvan beskuldig word dat sy van ander skinder. Geen weerstand nie.

8.2.1.4 Verloop van sessie twee. Teenwoordig: Lea.

Die navorser betrek Lea by die aktiwiteit: “Die lewenslyn,” (sien punt 6.2.2.1). Identiteit verwys na die individu se bewustheid van haarself as 'n onafhanklike, unieke persoon met 'n spesifieke plek in die samelewing (Louw, Van Ede & Louw, 1998:425).

Tabel 8.3: Kwalitatiewe data van sessie twee met Lea Theron

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Mooi aangetrek en verwelkom die navorser.	Lea noem dat sy by die kamp wel haar lewensverhaal vertel het, maar nie ander se privaatinligting uitvertel het nie.
Wys alles wat sy gekry het vir Valentynsdag.	Op vierjarige ouderdom het haar ma met haar stiefpa getrou. Lea het nie van hom gehou nie, want hy het haar fisies aangerand.
Voldoende oogkontak.	Op 10 jarige ouderdom weer verhuis en by haar tante gaan bly, wat alkohol misbruik het en dan moes Lea na die kinders kyk. Stiefpa in gevangenis weens diefstal. Hulle het soms nie kos gehad nie.

Goeie belangstelling in die aktiwiteit getoon.	Haar moeder het dwelms begin misbruik en haar twee broers is verwyder.
Sessie is ernstig van aard en sy deel haar lewensgeskiedenis met selfvertroue.	Op 13 jarige ouderdom het haar ma 'n ander verhouding aangeknoop. Lea het by haar pa gaan bly in 'n ander omgewing, maar hy is oorlede toe sy 14 jaar oud was. Lea het haar uitgebreide familie in die Oos-Kaap ontmoet.
	Na Lea se pa se dood, het haar stiefma alkohol begin misbruik. Lea het weer by haar ma gaan woon, maar haar ma het alkohol misbruik en vir Lea aangerand. Sy is uit haar ma se sorg verwyder.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Beperkte kontak met haar familie.	Geen weerstand nie.
Baie rondgetrek voor pleegplasing en Lea was blootgestel aan familie wat middels misbruik het asook gesinsgeweld.	Op haar voorgrond is die gebeure in haar verlede.
Sy en haar halfbroers is verwyder uit hulle moeder se sorg.	

8.2.1.5 Verloop van sessie drie. Teenwoordig: Lea en mev. Dunn.

Mev. Dunn het die navorser ingelig dat Lea twee epileptiese aanvalle na die verkragting gekry het. Sy het in Mei-maand weer 'n afspraak by Tygerberghospitaal. Die navorser bespreek met Lea dat haar gedrag soms die ander kinders ongemaklik laat voel en verwys na die keer toe sy vir motoriste goed gewys en geskree het. Die navorser wys haar daarop dat gedrag ook gevolge inhou en dat die motor met mans by hulle kon gestop het en dit kon gevaarlik vir haar en die ander meisies gewees het. Perls het die idee ontwikkel dat 'n persoon verantwoordelikheid moet neem vir haar eie lewe (Blugerman, 1986:71). Die navorser betrek haar by die aktiwiteit: "My liggaamsgevoelens," (sien punt 6.2.1.5.).

Tabel 8.4: Kwalitatiewe data van sessie drie met Lea Theron.

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Op haar gemak by die navorser.	Sy voel gelukkig dat haar broers veilig is.
Haar oë word tranerig tydens bespreking van haar promiskue gedrag en wat die gevolge daarvan kan wees. Sy toon insig.	Volgens Lea is sy bekommerd oor haar ma wat asma en TB het en dat haar ma iets kan oorkom as sy weer dwelms misbruik.
Kom selfversekerd voor.	Sy noem dat sy liefde kry by haar pleegma, juffrou en vriend wat in die vloot is.
	Sy is 'n klein bietjie hartseer oor haar vriend wat in die vloot is, wat nou ver van haar af is.
	Volgens Lea is sy bang vir die beweerde oortreder wat haar stip dophou.

KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Goeie vriende by die skool.	Op haar voorgrond is haar wens om haar broers te sien en haar kommer oor haar ma se gesondheid.
Die navorser het kontak gemaak met die maatskaplike werker wat dienste lewer aan Lea se ma en halfbroers. Die navorser hou Lea op hoogte van hoe dit met hulle gaan.	Die navorser het genoem dat van die meisies by die kamp gekla het dat sy in die badkamers ingestap het en na meisies gestaar het. Lea noem dat sy nie dit kan onthou nie (weerstand).

8.2.1.6 Verloop van sessie vier. Teenwoordig: Lea.

Die navorser betrek Lea by die aktiwiteit: “Nie-verbale gedrag,” (sien punt 6.2.1.6.). Die spelterapeut is ‘n unieke volwassene in kinders se lewens, uniek omdat die terapeut reageer terwyl sy die begeerte om te rig, te leer of te druk, beheer en daarteenoor reageer op ‘n manier wat die kind se natuurlike behoefte tot selfdireksie toelaat (Landreth, 1991:87). Die navorser het ook verskeie hipotetiese situasies geskep, waarin Lea moes identifiseer of ‘n persoon se gedrag aanvaarbaar of onaanvaarbaar is, ten einde sodoende haar promiskue gedrag aan te spreek op ‘n nie-bedreigende manier.

Tabel 8.5: Kwalitatiewe data van sessie vier met Lea Theron.

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Sy is mooi aangetrek. Sy is in ‘n ligte gemoedstoestand. Goeie oogkontak. Geniet die aktiwiteite en gee goeie samwerking. Sy beeld nie-verbaal verskillende gevoelens uit tydens die rollespel.	Seuns het vir Lea name genoem by die skool en gesê: “Ouetehuis,” aangesien hulle haar gesien het by haar pleegouerhuis wat voorheen ‘n tehuis vir bejaardes was. Sy het na een van die seuns gegaan en vir hom genoem dat indien hulle dit weer sê, sy na die skoolhoof sal gaan. Hulle is nou vriendelike met haar.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Haar verhoudings met die ander meisies by die plek van veiligheid is beter. Een het haar selfs genooi om by hulle in die kamer te kom sit.	Op Lea se voorgrond is gebeure tydens die week, naamlik die seuns by die skool wat haar name genoem het en haar verhoudings wat verbeter met ander meisies by die plek van veiligheid. Geen weerstand nie.

8.2.1.7 Verloop van sessie vyf. Teenwoordig: Lea.

Die navorser betrek Lea by die aktiwiteit: “Hartsnare,” (sien punt 6.2.5.1.) en daarna die aktiwiteit: “Die vyf liefdestale,” sien (punt 6.2.5.3.). Volgens O’Leary (1998:13)

het Perls geglo dat ‘n persoon in staat moet wees om ten volle bewus te wees van haar behoeftes en moet daarvolgens optree. Lea het bewus daarvan geword dat haar primêre liefdestaal “prys en komplimente” is.

Tabel 8.6: Kwalitatiewe data van sessie vyf met Lea Theron.

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Goeie verhouding is gebou. Sy is spontaan met die navorser en gemaklik.	Lea vertel trots dat haar pleegmoeder vir haar gesê het dat sy haar oogappel is.
Sy dui aan in die “hartsnare” dat haar pleegouers, vriend en broers naaste aan haar is, in die tweede “hartsnaar” haar vriende en in die derde “hartsnaar” skryf sy haar ma en stiefma se name. Sy skryf haar stiefpa en die beweerde oortreder se name aan die buitekant van die hartsnare.	Lea vertel dat daar R20 van haar kamermaat weggeraak het en dat haar goed deursoek is. Volgens Lea het dit haar sleg laat voel en laat terugdink aan die kamp waartydens daar ook valse beskuldigings teenoor haar gemaak is dat sy skinder.
Goeie oogkontak en energievlakke.	Die beweerde oortreder pla haar nie by die skool nie. Volgens Lea pla dit haar wanneer hy vir haar kyk.
Netjies aangetrek in haar skoolklere.	Lea identifiseer haar primêre liefdestaal as “prys en komplimente” en dan “kwaliteittyd.” “Fisiese aanrakings” is heel laaste.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Die navorser lig Lea in dat haar een broer besny gaan word en dat haar ander broer ‘n goeie skoolrapport gekry het.	Op haar voorgrond is dat haar goed deursoek is omdat daar R20 weggeraak het van haar kamermaat en dit het haar laat sleg voel.
Sy het twee goeie vriende wat haar bystaan.	Geen weerstand nie.

8.2.1.8 Verloop van sessie ses. Teenwoordig: Lea Theron.

Die navorser betrek Lea by die aktiwiteit: “My sintuie,” (sien punt 6.2.2.3.). Bewustheid is die proses van erkenning en waarneming van wat die persoon doen, voel, dink asook wat haar liggaamsensasies is (Passons, 1975:47).

Tabel 8.7: Kwalitatiewe data van sessie ses met Lea Theron.

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Lea is mooi aangetrek en haar hare is netjies geel. Sy kom ontevrede voor oor haar ma se gedrag by die hospitaal en dat haar ma nog nie vir haar besoek het nie.	Lea noem dat sy gehoor het dat haar ma ‘n “scene gegooi het” by die hospitaal, omdat haar ma daar uitgevind het dat Lea by die hospitaal was weens die seksuele misbruiksaak. Lea noem dat sy bereid is om haar ma self in te lig omtrent die voorval, maar haar ma het nog nooit weer vir haar kom kuier nie.
Lea wys opgewonde aan die navorser dat sy	Lea noem dat sy nou beter weet hoe om

die vyf liefdestale-aktiwiteit ook met die ander kinders en haar pleegouers voltooi het.	ander gelukkig te laat voel, noudat sy weet wat vir elkeen belangrik is.
	Volgens Lea het sy tydens die voorval gesien dat die beweerde oortreder skelm met sy vriend praat, gehoor het toe hy lelike aanmerkings teenoor haar gemaak het. Volgens Lea het sy besef dat hy dit regtig gaan doen toe hy aan haar gevat het en sy het kwaad gevoel.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy is aktief betrokke by die jeug.	Geen weerstand nie.
Haar ma het haar nog nie weer besoek nie.	Lea se ma se gedrag by die hospitaal, is op Lea se voorgrond.
Verhoudings met die ander kinders by die veiligheidsplasing het verbeter.	

8.2.1.9 Verloop van sessie sewe en agt. Teenwoordig: mnr. en mev. Dunn (sessie sewe) en Lea (sessie agt).

Mev. Dunn spreek haar kommer uit oor drie seuns wat by Lea kom kuier het; een was die beweerde oortreder. Lea het met hulle gesels onder die boom en het toe na haar kamer gegaan. Lea het aan mev. Dunn verduidelik dat sy te bang was om vir hulle te sê dat die een die beweerde oortreder was, want sy was bang dat hulle hom gaan konfronteer en die beweerde oortreder het 'n kort humeur. Mnr. Dunn het egter met die beweerde oortreder gepraat en volgens mnr. Dunn het die beweerde oortreder vir hom gesê dat hy vir Lea om verskoning kom vra het en gevra het of hulle weer vriende kan wees. Volgens mnr. Dunn het die beweerde oortreder teenoor hom erken dat hy vir Lea op die grond gegooi het en haar arms onder sy knieë gesit het, maar ontken dat hy haar betas het. Mnr. Dunn het hom gevra om nie weer na hulle huis te kom nie. Lea was een aand op diens in die kombuis en het te laat kos begin maak omdat sy met 'n seun gesels het by die draad. Sy was kwaad omdat mnr. Dunn haar gekonfronteer het en het in haar woede die gasstoof se knop afgebreek. Lea verduidelik tydens sessie agt waarom sy kwaad was die betrokke aand en laat begin het met die kos. Die navorser wys haar op die gevolge van haar gedrag. Lea vra na die gesprek met die navorser om verskoning en bied aan om saam met haar pleegpa na die winkel te gaan om navraag te doen ten opsigte van pryse vir die stoof se knop. Sy sal dit moet afbetaal met haar sakgeld. Volgens Yontef (1993:78) moet die individu gehelp word om te besef dat sy verantwoordelik is vir wat met haar gebeur.

Tabel 8.8: Kwalitatiewe data van sessie agt met Lea Theron.

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Lea kom ernstig voor. Goeie oogkontak.	Volgens Lea was sy bang om haar pleegouers te sê dat dit die beweerde oortreder is, want sy was bang haar pleegpa jaag hom weg en dat die beweerde oortreder haar dan by die skool sal seermaak.
Lea is nie opstandig nie, maar deel haar kant van die saak.	Lea vertel uit haar eie uit waarom sy kwaad was en laat begin het met die kos. Volgens Lea moes sy drie aande in 'n ry kos kook en dat dit daardie aand nie haar beurt was nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Pleegpa het haar aangespreek omdat sy laat begin kook het en oor haar gedrag toe sy die stoof se knop afgebreek het.	Op Lea se voorgrond is haar behoefte aan meer sakgeld en die insident toe sy moes kos kook.
	Aanvanklik bietjie weerstand getoon om verantwoordelikheid te aanvaar vir haar gedrag, maar het later wel besef dat haar gedrag verdere negatiewe gevolge veroorsaak het.

8.2.1.10 Verloop van sessie nege en tien. Teenwoordig: Lea.

Mev. Dunn lig die navorser telefonies in dat dit lyk asof Lea 'n oordosis pille geneem het en sy is opgeneem by die hospitaal. Lea het 'n nota geskryf: "Ek het pille gedrink, vergewe my asseblief. Datum: 10 April, tyd: 9h50." Die navorser besoek Lea tydens sessie nege by die hospitaal. Sy is nog baie deurmekaar en sy weet nie waarom sy by die hospitaal is nie. 'n Ander kind by die veiligheidsplek het die navorser ingelig dat Lea vir haar gesê het dat sy pille gaan drink, dat Lea vir haar kom sê het toe sy pille gedrink het en gevra het dat sy vir niemand moet sê nie. Indien die slagoffer van seksuele misbruik 'n definitiewe plan het van hoe sy gaan selfmoord pleeg en die middele het om dit uit te voer, dan verhoog die risiko vir selfmoord dramaties (Knauer, 2000:103). Volgens die ander kind het Lea vir haar gesê dat sy afgeskeep voel. Lea was ook ontsteld oor haar sakgeld wat vir drie maande ontnem is. Lea se pleegmoeder het met die dokter gepraat en die vermoede het ontstaan dat Lea dalk nooit die pille gedrink het volgens haar simptome nie, maar dat sy wel 'n petit epileptiese aanval gekry het. Tydens sessie tien vertel Lea dat almal van die pille praat, maar sy kan niks onthou nie. Lea onthul dat 'n seun van die kerk van wie sy hou, 'n ander meisie uitgevra het. Sy noem ook dat daar meisies by die skool is wat

agter haar rug praat en aanmerkings teenoor haar maak. Dit ontstel haar so baie dat sy skool wil verlaat. Die navorser sal die skoolhoof oor die betrokke meisies gaan sien.

8.2.1.11 Verloop van sessie elf. Teenwoordig: Lea.

Die navorser bespreek die nota wat sy gelaat het: “Ek het pille gedrink, vergewe my.” Lea erken dat dit haar ontstel het toe die seun van wie sy hou, haar vriendin uitgevra het. Sy noem ook dat haar pleegmoeder gevra het vir watter vir haar ore wat gepyn het, maar dat haar pleegmoeder nie gehad het nie en gevra het dat sy moet wag tot Maandag. Volgens Lea was die pyn ondraaglik en het sy ook die pille gedrink om die pyn te verlig. Die navorser bespreek die negatiewe gevolge wat ‘n oordosis pille kan inhou. Sy noem dat haar intensie nie die dood was nie, maar wel net om die pyn te verlig. Die navorser betrek Lea by die aktiwiteit: “My selfbeeld,” (sien punt 6.2.3.5.). Sy kan die aktiwiteite invul vir huiswerk.

Tabel 8.9: Kwalitatiewe data van sessie elf met Lea Theron.

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Goeie verhouding is gebou. Sy kom gemaklik voor terwyl sy haar probleme met die meisies in haar skool met die navorser deel. Goeie oogkontak. Sy is mooi aangetrek en versorg.	Lea noem dat die meisies in haar klas haar weer name genoem het, naamlik “kat- en spokiegesig” en dat sy gehuil het. Sy het met haar juffrou gaan praat daaroor. Sy wil skool staak oor die meisies wat haar viktimiseer.
Bespreking is ernstig van aard. Ten spyte van die hospitalisasievoorval, kom sy as ‘n vasbeslote persoon voor wat dit gaan maak en nie net sal opgee nie.	Lea noem dat sy nie by familie sal wil bly nie, want sy wil matriek voltooi en haar familie sal nie skoolfooi kan bekostig nie. Sy wil in pleegsorg bly.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
‘n Vriendin het ‘n bemoedigende brief vir haar geskryf	Die meisies in haar klas wat haar name noem is op haar voorgrond.
Haar pleegouers staan haar by en ondersteun haar.	Geen weerstand nie.

8.2.1.12 Verloop van sessie twaalf. Teenwoordig: Lea.

Die navorser lig haar in dat die navorser die skoolhoof gaan sien het oor die meisies wat haar viktimiseer by die skool. Volgens Lea pla hulle haar nie op die oomblik nie. Die navorser betrek Lea by die aktiwiteit: “Vertroue,” (sien punt 6.2.4.2.). Lea is in pleegsorg weens fisiese aanranding deur haar moeder, sy is ook seksueel misbruik deur ‘n seun in haar skool, bekend aan haar. Indien die adolessent dus deur ‘n

persoon in die verlede verraai is, kan dit lei tot probleme met vertroue in die hede (Williams & Poijula, 2002:178).

Tabel 8.10: Kwalitatiewe data van sessie twaalf met Lea Theron.

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Lea is mooi aangetrek en kom gelukkig voor.	Sy spreek die wens uit om haar broers te sien.
Goeie oogkontak tydens bespreking van vertroue.	Volgens Lea beteken vertroue vir haar dat sy enige iets met daardie persoon kan deel en dit sal tussen haar en daardie persoon bly. Sy vertrou die navorser, 'n polisieman wat sy ken en haar vriendin.
Sy kom vandag lig en vrolik voor.	Sy noem dat sy nie die beweerde oortreder vertrou nie weens dit wat gebeur het.
	Lea noem dat sy ook nie 'n ander vriend van haar vertrou nie, want hy het haar eenkeer gesoen by die ysskaatsbaan, sonder haar toestemming.
	Volgens Lea het haar stiefma na bewering eenkeer 'n leuen vir haar vertel na haar pa se dood, (oor haar nuwe kêrel). Dit het die vertroue tussen hulle geaffekteer.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Lea se verhoudings met die ander kinders by die veiligheidsplasing het verbeter.	Op haar voorgrond is steeds haar behoefte om haar half-broers te sien.
Huidig steeds geen kontak met haar ma of half-broers nie. Die navorser vra vir die maatskaplike werker van ACVV om dit te reël.	Geen weerstand nie.

8.2.1.13 Verloop van sessie dertien en veertien. Teenwoordig: Mnr. en mev. Dunn, en die maatskaplike werker van die betrokke welsynsorganisasie (sessie dertien) en Lea (sessie veertien).

Die navorser verduidelik dat Lea 'n behoefte het om êrens te "behoort" weens haar verlede van verwerping deur belangrike persone in haar lewe. Sy eis dus baie aandag van haar pleegouers, maar dit is nie altyd vir hulle moontlik om een-tot-een aandag net aan haar te gee nie, want hulle is ook veiligheidsouers vir ander kinders. Almal verstaan egter haar gedrag weens haar verlede. Volgens die pleegouers is haar gedrag oor die algemeen baie goed. Lea vermoed tydens sessie veertien dat sy die vorige aand 'n epileptiese aanval in haar bed gekry het, want sy is naer en dit voel vir haar so. Sy verduidelik die rede waarom sy Saterdagand laat ingekom het. Volgens Lea het sy saam met twee van die ander meisies uitgegaan wat toe dwelms wou gebruik.

Sy het daarom toe na van haar kerkvriende se huis gegaan. Op pad huis toe wou een van die meisies 'n geleentheid saam met vreemde mans neem, maar sy het geweier en het huis toe geloop. Volgens Lea het sy haar ma in die dorp gekry en uitgevind dat haar ma nou by die nagskuiling bly. Volgens Lea gaan sy haar kerk vra of hulle haar ma kan help met kruideniersware.

8.2.1.14 Verloop van sessie vyftien. Teenwoordig: Lea en mev. Dunn.

Mev. Dunn vertel dat sy trots is op Lea wat “nee” gesê het toe een van die ander meisies saam met vreemde mans in 'n motor geklim het. Lea onthul dat sy seksueel misbruik is toe sy in standard drie was en nou nagmerries kry. Die navorser gebruik die gestalttegniek, droomverwerking, ten einde haar drome te bespreek. Drome verteenwoordig of bevat in 'n sekere vorm 'n onvoltooide situasie (Patterson, 1980:452).

Tabel 8.11: Kwalitatiewe data van sessie vyftien met Lea Theron.

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Baie goeie verhouding is gebou.	Lea vertel dat sy gevoel het asof sy kan huil toe sy weer haar ma gesien het wat nou by die nagskuiling bly.
Sy maak goeie oogkontak.	Volgens Lea is die meisies by die skool nou nie meer lelik met haar nie.
Sy lyk hartseer toe sy vertel van haar ma wat nou by die nagskuiling bly.	Lea onthul dat sy deur haar tante se kêrel betas is toe sy in standard drie was. Sy het op daardie stadium by haar tante gebly. Volgens Lea kry sy nou nagmerries dat sy en die beweerde oortreder seks het en noem dat sy dan 'n seksuele gevoel by haar privaatdele kry. Sy het nog niemand daarvan vertel nie. Sy het 'n jaar en 'n half by haar tante gebly.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Die navorser lig haar in dat sy in pleegsorg gaan bly by mnr. en mev. Dunn.	Op Lea se voorgrond is die seksuele misbruik toe sy in standard drie was.
Sy het haar ma gesien en is baie bekommerd oor haar ma.	Geen weerstand nie.

8.2.1.15 Verloop van sessie sestien. Teenwoordig: Lea.

Die navorser en Lea gaan saam deur die selfbeeldaktiwiteite wat sy as huiswerk ingevul het, (sien punt 6.2.3.5.). Die adolessent se identiteitsontwikkeling beïnvloed

haar siening van haarself. Soos die adolessent ontwikkel, sal die siening van die self verander (Louw, Van Ede & Louw, 1998:433).

Tabel 8.12: Kwalitatiewe data van sessie sestien met Lea Theron.

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Lea het neergeskryf op die aktiwiteitsblaaie: Ek het in die spieël na myself gekyk en gesê: “Ek is ‘n baie mooi, spesiale en gesonde meisie.” Lea skryf verder neer by die vraag of sy opgehou het om ‘n slagoffer te wees deur “nee” te sê en dat sy vir haar vriend gesê het dat sy net vriende met hom wil wees en sy het “nee” gesê dat sy nie buite haar pleegouershuis se hek wil gaan sit nie, want dit is net moeilikheid soek.	Lea erken dat sy by die welsynsinstantie was ten opsigte van haar pleegouertoelae. Die navorser verduidelik dat haar pleegouers daardie toelae moet gebruik om haar te versorg en dat sy dit nie alles vir sakgeld kan kry nie. Die navorser wys haar daarop dat sy wel sakgeld kry.
Sy skryf ook neer dat sy ‘n gewoonte gebreek het en nie meer uitpraat van ander nie. Sy skryf haar waardering neer vir die navorser en ander wat sy waardeer en waarom sy hulle waardeer.	Lea noem dat sy haar stiefma, ma en vriend vergewe het asook haar klasmaats wat haar geviktimizeer het.
Lea erken dat sy iets verkeerd gedoen het toe sy die stoof se knop afgebreek het toe sy kwaad was, maar berou dit en gaan nou aanbeweeg.	
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Die navorser sal haar pleegouers vra of sy nou weer sakgeld kan kry. Haar sakgeld is vir drie maande ontnem omdat sy die stoof se knop gebreek het.	Weerstand om te praat oor haar pleegouertoelae, maar later het sy wel haar kant gestel.
	Op Lea se voorgrond is haar pleegouerstoele en wanpersepsie dat sy meer geld moet kry om te kan spandeer.

8.2.1.16 Verloop van sessie sewentien. Teenwoordig: Lea Theron.

Die navorser betrek Lea by die aktiwiteite: “Gunsteling dinge,” “Kom ons maak ballonne van die stene in my lewe” en “Onvoltooide sinne,” (sien punt 6.2.3.2, 6.2.3.4. en 6.2.2.4.). Die navorser merk tekens op wat daarop kan dui dat sy ‘n epileptiese aanval kan kry en staak daarom die sessie. Waargenome inligting is van groot waarde en help die terapeut besluit hoe om voort te gaan (Geldard & Geldard, 2002:89). Die navorser lig haar pleegouers in omtrent die tekens.

Tabel 8.13: Kwalitatiewe data van sessie sewentien met Lea Theron.

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-	EMOSIONELE UITDRUKKING EN
--------------------------------	----------------------------------

VERBALE KOMMUNIKASIE	KONTAK MET DIE SELF
Lea is aanvanklik in 'n goeie gemoedstoestand. Sy is mooi aangetrek en het 'n nuwe haarstyl.	Lea noem dat haar gunstelingboek "God the healer" is en haar gunstelingprogram is 7de Laan.
Sy lyk trots op haar kamer wat sy geskuif het. Sy vul die onvoltooide sinne in en skryf onder andere: "Ek word hartseer wanneer ek dink aan my familie."	Sy noem dat die enigste steun in haar lewe op die oomblik 'n seunsvriend is wat meer as net vriende wil wees alhoewel sy al vir hom gesê het dat sy net vriende met hom wil wees.
Die navorser merk egter tekens op wat daarop kan dui dat sy 'n epileptiese aanval kan kry. Sy knip haar oë en praat snaaks, hakkell en blyk vir 'n sekonde asof sy nie bewus is van die teenwoordige nie.	
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Lea vertel die navorser dat haar ma vir ongeveer 20 minute vir haar kom kuier het. Sy het skoene vir haar ma gegee.	Op Lea se voorgrond is haar opgewondenheid dat haar ma kom kuier het.
Dit gaan goed met haar verhouding met haar kêrel. Sy het nog nie haar pleegouers ingelig omtrent hom nie.	Geen weerstand nie.

8.2.1.17 Verloop van sessie agtien. Teenwoordig: Lea Theron

Die navorser betrek Lea by die aktiwiteit: "Selfgeldende gedrag," (sien punt 6.2.3.8.). Die omgewing skep aanhoudend nuwe behoeftes wat ongemak verhoog, totdat die individu maniere vind om die behoeftes te bevredig sodat hulle kan groei (Clarkson & Mackewn, 1994:48-49). Die navorser en Lea bespreek daarna kinders se regte asook verantwoordelikhede, (sien punt 6.2.2.9.).

Tabel 8.14: Kwalitatiewe data van sessie agtien met Lea Theron.

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Lea is mooi aangetrek en versorg.	Volgens Lea affekteer die nuwe medikasie vir die epilepsie haar konsentrasie.
Goeie oogkontak.	Volgens Lea tree sy selfgeldend op by die skool, maar dat sy by haar pleegouershuis wat ook 'n veiligheidsplasing vir ander kinders is, soms aggressief optree.
Goeie energievlakke.	Volgens Lea maak dit haar kwaad wanneer sy iets vir haar pleegouers vra, en dan vra een van die ander kinders dit ook.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Lea was by Tygerberg hospitaal en ander medikasie is aan haar voorgeskryf.	Op Lea se voorgrond is haar nuwe medikasie wat sy neem vir epilepsie.
	Geen weerstand nie.

8.2.1.18 Verloop van sessie negentien. Teenwoordig: Lea Theron.

Die navorser betrek Lea by bespreking van die aktiwiteit: “Boodskappe,” “Waar in jou liggaam voel jy kwaadgevoelens” en “Die verkeerslig,” (sien punt 6.2.3.6., 6.2.4.4. en 6.2.4.5.). Slagoffers het die geneigdheid om woede te ignoreer of om uit te bars en uitermate te reageer wat beide die slagoffers en ander om hulle kan seermaak (Knauer, 2000:83).

Tabel 8.15: Kwalitatiewe data van sessie negentien met Lea Theron.

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Lea is in ‘n ligte luim, lag en gesels spontaan.	Volgens Lea het sy nog nie weer nagmerries gekry, vandat sy met die navorser gepraat het oor die seksuele misbruik toe sy in standard drie was nie.
Lea dui op die liggaamskaart aan dat haar hart vinniger klop, sy bewe en voel lus om te skel en deure te slaan, wanneer sy kwaad word.	Lea vertel dat haar kamermaat vir haar gesê het dat sy “stunning” lyk en sy het goed gevoel. Lea noem dat sy gelukkig voel oor haar ma wat weer by haar kom kuier het.
	Sy vertel dat sy kwaad was toe haar kamermaat van haar toiletware gebruik het, sonder om te vra.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Lea het haar mangels laat uithaal by die hospitaal.	Die mangeloperasie is op Lea se voorgrond.
Sy vertel dat al die ander meisies in die hospitaal besoekers gekry het, behalwe sy. Daar het toe egter ‘n klomp jeugwerkers by haar kom staan en gesels en sy het toe goed gevoel.	Geen weerstand nie.
Haar ma het weer by haar kom kuier en moes by die hospitaal gewees het om toestemming te gee vir die operasie, maar het nie na die hospitaal gekom nie. Lea se pleegmoeder het toestemming gegee.	

8.2.1.19 Verloop van sessie twintig. Teenwoordig: Lea.

Die navorser betrek Lea by die aktiwiteit: “Interpersoonlike verhoudings,” (sien punt 6.2.5.2.). Deur traumatiese ervarings te ondergaan en te oorleef kan lei tot probleme met binding, intimiteit en interpersoonlike verhoudings (Williams & Poijula, 2002:177).

Tabel 8.16: Kwalitatiewe data van sessie twintig met Lea Theron.

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Lea is in 'n ligte gemoedstoestand.	Sy verduidelik dat daar 'n botsing in aktiwiteite was en dat sy en haar pleegpa daarom 'n uitval gehad het.
Sy maak goeie oogkontak.	Sy vertel dat sy teleurgesteld was toe sy haar vervoer gemis het en daarom nie die kerk se jeugbyeenkoms kon bywoon nie.
Sy kom selfversekerd, (nie rebels nie), voor terwyl sy haar kant van die argument met haar pleegpa verduidelik.	Lea noem dat haar ma nou weer na aan haar is, omdat haar ma nou weer belangstelling toon en kom kuier.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Lea se moeder het weer kom kuier. Lea is betrokke by die kerk se jeug.	Sy het gedurende die week weerstand getoon om haar jeugbyeenkoms by die kerk te mis en 'n misverstand het ontstaan tussen haar en haar pleegpa weens kommunikasieprobleme.
Die navorser het weer 'n afspraak met die welsynsorganisasie gemaak ten einde uit te vind wanneer Lea haar half-broers kan sien.	Die konflik tussen haar en haar pleegpa is op haar voorgrond.

8.2.1.20 Verloop van sessie een-en-twintig. Teenwoordig: Lea Theron.

Die navorser betrek Lea by die aktiwiteit: “Kognisie” en “Konflikhantering,” (sien punt 6.2.2.8 en 6.2.4.6.). Woede is nie 'n slegte emosie nie, dit kan helend wees as dit op 'n positiewe manier uitgedruk word (Knauer, 2000:84).

Tabel 8.17: Kwalitatiewe data van sessie een-en-twintig met Lea Theron.

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Sy is skaam en vertel laggend hoe sy haar pleegmoeder ingelig het omtrent haar kêrel.	Lea vertel dat sy uit haar eie aangebied het om te help met die jong kinders by die veiligheidsplek. Sy en 'n ander meisie maak hulle beddens op en help hulle om aan te trek.
	Sy het haar pleegma ingelig omtrent haar kêrel.
	Volgens Lea het sy twee weke gelede weer 'n epileptiese aanval gekry. Die nuwe medikasie affekteer nie meer haar konsentrasie nie. Sy was weer by die hospitaal in verband met haar nuwe medikasie.
	Lea noem dat sy soms passief optree soos 'n slak by haar pleeghuis en net stilbly wanneer daar konflik tussen die kinders is.
	Volgens Lea tree haar ma soos 'n hond op en probeer ander die heelyd tevrede te stel.
	Volgens Lea tree haar pleegpa soos 'n jakkals

	op en onderhandel wanneer daar konflik is.
	Volgens Lea tree die beweerde oortreder soos 'n krokodil en 'n hond op. Hy vra die jonger kinders vir sigarette en slaan hulle. Hy tree ook soos 'n hond op deur ander seuns te probeer tevrede stel, ten koste van homself (portuurgroepsdruk). Hy het byvoorbeeld dwelms gebruik om in te pas by die vriende.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy was by die hospitaal vir haar epilepsie-medikasie.	Op haar voorgrond is hoe sy haar pleegmoeder ingelig het omtrent haar kêrel.
Sy het haar kêrel by die kerk ontmoet.	Geen weerstand nie.

8.2.1.21 Verloop van sessie twee-en-twintig, Teenwoordig: Lea en die maatskaplike werker van die betrokke welsynsorganisasie.

Lea vertel hoe sy kinders opgepas het vir sakgeld toe sy nog by haar ma gebly het, ten einde kos en ander goed te kan koop vir haar en haar half-broers. Volgens Lea het haar ma op daardie stadium haar geld vir dwelms gebruik. Nadat haar ma haar aangerand het, het Lea na die polisiestase gegaan en is sy by haar pleegouers geplaas. Haar half-broers is ook verwyder uit haar ma se sorg. Haar laaste kontak met haar broers was ongeveer sewe maande gelede. Die maatskaplike werker van die welsynsorganisasie noem aan Lea dat sy kontak tussen hulle sal reël.

8.2.1.22 Verloop van sessie drie-en-twintig en vier-en-twintig. Teenwoordig: Lea.

Die navorser prys Lea tydens sessie drie-en-twintig vir die positiewe terugvoer wat die navorser gekry het van haar pleegouers ten opsigte van haar gedrag. Die navorser betrek Lea by die aktiwiteit: "Reg of verkeerd," (sien punt 6.2.5.5.). Sosialisering is die proses van interaksie en leer, dit is noodsaaklik vir oorlewing en ontwikkeling van die individu asook vir die oorlewing en effektiewe werking van die samelewing (Popenoe, Cunningham & Boulton, 1998:80). Tydens sessie vier-en-twintig voltooi Lea die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool.

Tabel 8.18: Kwalitatiewe data van sessie drie-en-twintig met Lea Theron.

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Lea is mooi aangetrek en in 'n ligte	Lea noem dat familie die heel belangrikste

gemoedstoestand.	vir haar is. Sy noem dat dit belangrik is om te studeer en dat sy graag 'n prokureur of 'n verpleegster wil word.
Sy speel met die jonger kinders toe die navorser daar aankom en lyk gelukkig.	Sy noem dat dit baie belangrik is om jou ouers te respekteer. Sy noem dat dit haar kwaad maak as ouers baklei voor kinders of dwelms voor kinders gebruik.
	Sy noem dat sy vriendelik met mense is en baie mense ontmoet, want sy weet dat wanneer sy eendag uit haar pleeghuis gaan, dat mense daar sal wees vir haar.
	Volgens Lea hoef sy nie gewild te wees nie, ander moet haar net aanvaar vir wie sy is.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Sy het met haar pleegouers gaan praat oor die probleme wat sy ervaar met haar kamermaat.	Op haar voorgrond is haar verhouding met haar kêrel en dat sy veilig voel by haar pleegplasing. Geen weerstand nie.

8.2.1.23 Verloop van sessie vyf-en-twintig. Teenwoordig: Lea Theron.

Die navorser verduidelik Lea se Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskoolresultate aan haar. Die navorser betrek Lea by die bordspeletjie, (sien punt 6.2.6.1), en termineer met Lea. Volgens Van der Merwe (1996b:81) word daar wyd erkenning gegee aan bordspeletjies weens die terapeutiese en ontspanningswaarde daarvan, en bring dit 'n baie belangrike element, naamlik genot, na die terapie.

Tabel 8.19: Kwalitatiewe data van sessie vyf-en-twintig met Lea Theron.

LIGGAAMSHOUDING EN NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE	EMOSIONELE UITDRUKKING EN KONTAK MET DIE SELF
Sy lyk gelukkig en is mooi versorg. Goeie oogkontak.	Sy vertel dadelik aan die navorser dat haar een half-broer by haar kom kuier het. Sy sê dat sy nou gelukkig is.
Energiek.	Sy noem tydens bordspel dat sy vernoem is na haar ma. Sy noem ook dat sy die navorser vertrou wat inligting konfidensieel hanteer.
KONTAK MET DIE OMGEWING	VOORGROND / WEERSTAND
Haar half-broer het kom kuier.	Op Lea se voorgrond is haar broer wat kom kuier het. Geen weerstand nie.

8.2.1.24 Onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met mnr. en mev. Dunn na afloop van die terapeutiese dienslewering aan Lea.

Die navorser gee terugvoer ten opsigte van Lea se deelname aan die navorsing en die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool resultate.

Tabel 8.20 Lea Theron se huidige funksionering volgens mnr. en mev. Dunn

ONDERWERPE:	GEBEURE:	IMPAK EN REAKSIE VAN DIE GEBEURE:
Gesondheidsgeskiedenis:	Na onsedelike aanranding.	Lea het twee epileptiese aanvalle gekry na die voorval, waarna sy moeg is en hoofpyn kry.
	Huidig.	Sy gebruik nuwe medikasie vir haar epilepsie, geen onlangse aanvalle nie.
Emosionele funksionering:	Na onsedelike aanranding.	Gemoedstoestand wisselvallig: vrolik vs depressief. Selfbeeld negatief beïnvloed deur beweerde oortreder se lelike aanmerkings oor haar liggaam. Ander kinders maak ook soms aanmerkings oor Lea se bou. Lea was emosioneel na die voorval.
	Huidig.	Kry nie meer gemoedsveranderinge nie, emosies stabiel. Kommunikasie verbeter. Verloor gewig, selfbeeld goed.
Interpersoonlike verhoudings:	Na onsedelike aanranding.	Verhouding met portuurgroep is swak. Lea word daarvan beskuldig dat sy skinder. Geen kontak huidiglik met half-broers wat ook in plek van veiligheid is nie.
	Huidig.	Betrokke by kerk en jeug. Groot verbetering in portuurgroepverhoudinge. Goeie verhouding met pleegouers. Ma kom kuier wisselvallig. Welsyn in proses om kontak tussen haar en broers te reël.
Gedragsprobleme:	Na onsedelike aanranding.	Gehoorsaam. Geen alkoholgebruik nie. Gedrag soms promisku.
	Huidig.	Gehoorsaam. Geen drank of dwelmmisbruik nie. Gedrag nie meer onvanpas of promisku nie.
Kognisie:	Na onsedelike aanranding.	Nagmerries.
	Huidig.	Geen probleme nie.
Seksualiteit:	Na onsedelike aanranding.	Gedrag soms onvanpas / promisku, sal byvoorbeeld

		oorgedrewe dans by kamp.
	Huidig.	Vaste kêrel. Geen probleme nie.
Skoolprestasie:	Na onsedelike aanranding.	Sy het teruggegaan skool toe ten spyte daarvan dat beweerde oortreder in dieselfde skool is.
	Huidig.	Rapport was goed. Pleegma gaan studietye instel.
Dissipline:	Na onsedelike aanranding en huidig.	Strafmetode is om haar te hok of voorregte te ontnem. Geen probleme nie.
Gesinslewe:	Na onsedelike aanranding.	Lea baie afhanklik en vereis baie een-tot-een aandag.
	Huidig.	Goeie gesinsverhoudinge.

8.2.1.25 Kwantitatiewe data voor en na afloop van die implementering van die speltherapieprogram


Die voortoets het daarop gedui dat Lea se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente soms haar positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed. Lea se funksionering is tydens aanvang van terapeutiese dienslewering as fluktuierend beskryf. Die natoets het getoon dat Lea se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente nie haar positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed nie. Haar funksionering is tydens terminering van terapeutiese dienslewering as effektief beskryf.

Lea se huidige algehele Selfpersepsiepuntetotaal (die gemiddelde van al die selfpersepsie-elemente) is huidiglik 20% en haar vorige telling tydens die voortoets was 44%. Al Lea se selfpersepsietellings het goed verbeter, aangesien die aanbevole gebied 'n totaal van minder as 30% is. Haar isolasietelling dui egter steeds op 'n behoefte vir verbetering. Die navorser skryf dit aan die volgende toe:

- Sy is in pleegsorg geplaas na fisiese aanranding deur haar moeder,
- Haar pa is oorlede,
- Haar biologiese moeder woon tans op straat en slaap in die nagskuiling,
- Sy het ten tye van die natoets geen kontak met enige familieledede of haar halfbroers gehad nie.

Aangesien die navorser bewus was van Lea se behoefte aan kontak met haar halfbroers het die navorser deurgaans terapeutiese dienslewering asook na die natoets met die betrokke welsyn kontak gemaak en Lea se behoefte aan kontak met haar halfbroers, wat ook in pleegsorg is, met die betrokke maatskaplike werker bespreek. Sy het huidiglik gereeld kontak met haar halfbroers en die navorser kan sien dat dit baie vir haar beteken.

Figuur 8.1: KFI-HOËR Profiel – Selfpersepsie




Lea se huidige algehele Trauma-Dinamikapuntetotaal (die gemiddelde van al die trauma-dinamika-elemente) is 23% en haar vorige telling tydens die voortoets was 32%. Haar trauma-dinamatelling het goeie verbetering getoon, aangesien die aanbevole gebied 'n totaal van minder as 30% is. Al Lea se trauma-dinamika-totale, behalwe haar wantrouetelling, het verbeter. Die navorser skryf die verhoging van haar wantrouetelling aan die volgende toe:

- Valse beskuldigings deur haar portuurgroep en volwassenes dat sy by 'n kamp persoonlike inligting van 'n ander kind versprei het, sonder enige konkrete bewyse,
- Haar moeder wat sporadies by haar pleegsorgplasing opdaag en net weer wegbly. Haar ma moes byvoorbeeld ook by die hospitaal gewees het om toestemming te teken dat Lea se mangels uitgehaal kan word, maar het net nie opgedaag nie,

- Sy is ook seksueel misbruik op 'n jong ouderdom deur 'n familielid en nou weer deur 'n bekende persoon, in dieselfde skool as sy.

Figuur 8.2: KFI-HOËR Profiel – Trauma Dinamika



8.2.1.26 Integrasie van die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindinge

Die kwalitatiewe en die kwantitatiewe bevindinge komplimenteer mekaar aangesien beide daarop dui dat die implementering van die spelterapiëprogram Lea se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente verbeter het. Volgens Lea se pleegouers was Lea na die voorval emosioneel en haar gemoedstoestand was tydens aanvang van terapie wisselvallig. Lea het gedurende haar kinderjare baie verwerping beleef en het daarom 'n groot behoefte aan aandag en aanvaarding. Sy sou soms onaanvaarbare gedrag toon ten einde haar pleegouers se aandag op haar te fokus. Lea se verhouding met haar ma was tydens aanvang van terapie swak en sy het geen kontak met halfbroers gehad nie. Lea se verhoudings met haar portuurgroep was swak. Haar gedrag was soms promisku.

Die onderhoude met haar pleegouers het daarop gedui dat Lea positiewe veranderinge getoon het weens die terapeutiese dienste wat gelewer is. Na afloop van

dienslewering, was Lea se gemoedstoestand stabiel. Sy was in staat om haarself op 'n selfgeldende manier uit te druk en is huidiglik positief ingestel op haar toekoms. Sy kry nie meer nagmerries nie en tree nie meer promisku op nie. Haar verhoudings met haar portuurgroep het baie verbeter en sy is aktief betrokke by die kerk se jeug. Sy het tans kontak met haar halfbroers. Haar pleegplasing is verleng en sy voel daarom nie meer onseker oor haar toekoms en heenkome nie. Sy besef ook dat haar pleegouers ook hulle aandag moet verdeel en aan die ander kinders ook aandag moet gee.

Die navorser het drie maande na terminering 'n opvolg-onderhoud met Lea en haar pleegouers gevoer ten einde die langtermynimpak van die program vas te stel. Almal was dit eens dat dit goed gaan met Lea en dat geen verdere dienste benodig word nie. Die navorser handhaaf 'n oop-deur-beleid. Die navorser sien Lea sporadies by die veiligheidsplasing wanneer die navorser ander kinders gaan sien en sy lyk gelukkig. Beide Lea se selfpersepsietelling en trauma-dinamika-telling het volgens die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool-resultate verbeter. Die afleiding kan daarom gemaak word dat die kwalitatiewe en die kwantitatiewe bevindinge mekaar komplimenteert aangesien beide daarop dui dat die implementering van die spelterapiëprogram Lea se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente verbeter het.

8.2.2 Biografiese inligting van gevallestudie twee: Mandy Lewis

Naam van die adolescent: Mandy Lewis

Kultuurgroep: Xhosa

Ouderdom: 14 jaar oud

Geslag: Vroulik

Aantal kinders in die gesin: 3

Huistaal: Xhosa

8.2.2.1 Agtergrondinligting van Mandy Lewis

Mandy het op vyfjarige ouderdom by haar ouma gebly omdat haar ma in Durban gaan werk het. Op agtjarige ouderdom het sy by haar ma gebly in Oos-London en op negejarige ouderdom het sy weer by haar ouma gaan bly. Op 14 jarige ouderdom het sy weer by haar ma gaan bly, maar het nie van haar ma se kêrel gehou nie en het daarom toe by haar oom kom bly. Mandy en 'n vriendin het die aand van die voorval televisie by 'n ander vriendin gaan kyk. Op pad terug het hulle vier seuns gekry. Die seuns het hulle forseer om saam met hulle na 'n huis te gaan. Mandy is na bewering deur twee van die seuns verkrag en haar vriendin is na bewering deur een seun

verkrag. Volgens Mandy het die een beweerde oortreder vir haar gesê dat hy haar met 'n mes sal steek indien sy enige geluid maak. (Sien ook gevallestudie vyf), Adri Samuals, was saam met Mandy tydens die voorval. Adri het later erken dat sy toestemming gegee het, dat die beweerde oortreder haar kêrel is en dat sy nie verkrag was nie, alhoewel sy steeds onder ouderdom is en nie ingeligte toestemming kan gee nie. Mandy is egter deur twee beweerde oortreders verkrag en het nie toestemming gegee nie.

8.2.2.2 Impak van die beweerde verkragting op Mandy volgens die onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met haar oom, mnr. Lewis.

Mnr. Lewis gee skriftelike toestemming vir Mandy se deelname aan die navorsing.

Tabel 8.21: Agtergrondgeskiedenis van Mandy Lewis.

ONDERWERPE:	GEBEURE:	IMPAK EN REAKSIE VAN DIE GEBEURE:
Ontwikkelingsgeskiedenis:	Geboorteproses.	Normaal.
	Traumagebeure: ma het 'n kêrel.	Mandy hou nie van hom nie en bly daarom by haar oom. Verhouding met ma is swak.
Gesondheidsgeskiedenis:	Geboorte tot verkragting.	Uitslag op haar vel.
	Na verkragting.	Vel is nou reg. Sy kon een aand na die voorval nie slaap nie.
Emosionele funksionering:	Voor verkragting.	Hy weet nie of sy iets vrees of bekommerd is oor iets nie.
	Na verkragting.	Haar selfbeeld is beïnvloed. Sy voel skuldig omdat sy uit was in die aand.
Interpersoonlike verhoudings:	Voor verkragting.	Vriende verlei haar om verkeerde goed te doen.
	Na verkragting.	Oom wil nie hê dat sy die verkeerde vriende moet maak nie. Verhouding met ma is swak.
Gedragsprobleme:	Voor verkragting.	Gedragsprobleme wanneer sy uitgaan saam met haar vriende.
	Na verkragting.	Haar oom keur nie haar vriende goed nie.
Kognisie:	Voor en na verkragting.	Geen probleme nie.
Seksualiteit:	Voor en na verkragting.	Hulle praat nie daaroor nie.
Skoolprestasie:	Voor verkragting.	Goeie skoolbywoning en rapporte.
	Na verkragting.	Die beweerde oortreder het

		haar gedreig tydens voorval. Een van die beweerde oortreders is in dieselfde skool.
Voorval inligting:	Die verkragting.	Oom ondersteun haar. Haar ma was nie ondersteunend nie.
Dissipline:	Voor en na voorval.	Lyfstraf of praat met haar.
Gesinslewe:	Voor verkragting.	Verhouding met ma is nie goed nie. Verhouding met oom is goed.
	Na verkragting.	Oom ondersteun haar. Mandy bly by haar oom omdat sy nie van haar ma se kêrel hou nie.

8.2.2.3 Verloop van sessie een. Teenwoordig: Mandy, twee vriendinne en Vuyokasie.

Mandy praat Engels maar die besluit word geneem dat die Xhosa maatskaplike werker sal insit tydens sessies, ten einde enige kommunikasieprobleme te voorkom en indien nodig sal sy vertaal. Mandy het die inligting van die voorval alreeds vir Vuyokazi neergeskryf. Die navorser betrek Mandy by die aktiwiteit: "Die lewenslyn," (sien punt 6.2.1.1.).

Tabel 8.22: Kwalitatiewe data van sessie een met Mandy Lewis.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Min oogkontak, maar dit kan ook toegeskryf word aan die Xhosa-kultuur se manier om respek te toon.	Volgens Mandy is sy in die Oos-Kaap gebore. Op vyfjarige ouderdom het haar ma in Durban gaan werk en sy het daarom by haar ouma gebly. Sy onthou dat haar ma vir haar presente gebring het.
Goeie belangstelling en opgewondenheid. Tree selfversekerd op.	Mandy noem dat sy op agtjarige ouderdom by haar ma in Oos-Londen gaan bly het en op negejarige ouderdom het sy weer by haar ouma gaan bly en haar ma het in Kaapstad gaan werk.
Mandy se liggaamshouding en nie-verbale gedrag (terugtrek van liggaam, verbreek oogkontak) dui daarop dat sy nie van haar ma se kêrel hou nie. Sy het net "nee" gesê toe die navorser vir haar gevra het of sy van hom hou of nie en wou nie daaroor praat nie.	Op 14 jarige ouderdom het sy by haar ma gaan bly, maar wou nie weens 'n swak verhouding met haar ma se kêrel. Volgens Mandy het sy daarom op 15 jarige ouderdom by haar oom in die Strand kom bly.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Sy woon tans by haar oom.	Weerstand om te praat oor haar ma se kêrel en waarom sy nie van hom hou nie.
Sy hou nie van haar ma se kêrel nie.	Haar lewensgeskiedenis is op haar voorgrond,

	en veral dat sy baie rondgetrek het.
--	--------------------------------------

8.2.2.4 Verloop van sessie twee. Teenwoordig: Mandy Lewis en Vuyokazie.

Mandy voltooi die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool, waarna die navorser haar betrek by die aktiwiteit: "My liggaamgevoelens," (sien punt 6.2.1.5.). Die navorser het met behulp van hierdie aktiwiteit aan Mandy die geleentheid gegee om te bespreek hoe sy nou voel. Volgens O'Leary (1998:17) is die verlede en die toekoms net belangrik as dit gewortel is in die huidige.

Tabel 8.23: Kwalitatiewe data van sessie twee met Mandy Lewis.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Netjies geklee in skoolklere. Groet vriendelik.	Volgens Mandy voel sy gelukkig wanneer sy by haar vriende, skool en familie is.
Energievlakke laer as tydens eerste sessie. Navorser skryf dit daaraan toe dat hulle eksamen skryf en geloop het van die skool tot by die kantoor wat redelik ver is.	Sy dui aan dat sy hartseer voel oor die voorval en dat sy nie alleen wil wees nie, want sy is bang.
Lê half op haar arms en kyk weg toe sy noem dat sy hartseer oor die voorval is.	Sy is kwaad vir die beweerde oortreders. Sy noem dat sy bang is vir die beweerde oortreder en sy is ook bang wanneer sy alleen is.
	Sy ervaar skuld- en spytgevoelens omdat hulle die dag van die voorval uit was. Volgens Mandy is sy bekommerd oor die eksamen wat sy tans skryf.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Blyk dat Mandy 'n goeie verhouding met haar oom het by wie sy bly.	Die huidige eksamen is op haar voorgrond.
Dit blyk egter dat sy nie 'n goeie verhouding met haar ouers het nie.	Geen weerstand nie.

8.2.2.5 Verloop van sessie drie. Teenwoordig: Mandy Lewis en Vuyokazi.

Mandy is laat en tyd is beperk. Die navorser betrek Mandy by die aktiwiteit: "Reaksies van belangrike persone na onthulling," (sien punt 6.2.2.1.). Die navorser het onder andere Mandy se ma se reaksie bespreek. Volgens Mash & Woolfe (2002:23) is 'n hegte verhouding of binding met 'n ouer of ander versorger noodsaaklik vir normale kinderontwikkeling.

Tabel 8.24: Kwalitatiewe data van sessie drie met Mandy Lewis.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Sy is mooi aangetrek. Kom nederig dog	Volgens Mandy het sy eerste vir haar oom

selfversekerd voor	vertel en hy het haar geglo. Volgens Mandy het hy vir haar gesê dat dit nie haar skuld was nie en het gereël dat die polisie gebel word.
Haar stem is sag, dog druk sy baie emosie uit met haar stemtoon. Sy maak baie van nie-verbale kommunikasie gebruik, byvoorbeeld trek gesig of kyk af.	Volgens Mandy het haar oom haar ma gaan inlig. Volgens Mandy het haar ma niks gesê nie en sy spreek die wens uit dat haar ma haar moes getroos het.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Sy noem dat sy en haar ma voor die voorval asook nou, nie 'n goeie verhouding het nie.	Weerstand om tydens die leë-stoeltegniek enige iets vir haar ma te sê.
Haar oom ondersteun haar en het positief reageer na onthulling.	Op haar voorgrond is haar familie se reaksie na die onthulling.

8.2.2.6 Verloop van sessie vier. Teenwoordig: Mandy Lewis en Vuyokazi.

Die navorser betrek Mandy by die aktiwiteite: "My naam" en "Gunstelingdinge," (sien punt 6.2.3.2 en 6.2.3.3.). Die Xhosa maatskaplike werker verduidelik aan die navorser dat Mandy se naam in Xhosa beteken "available girls," sy verduidelik dat indien 'n moeder dink sy verwag 'n seun, maar met geboorte ontdek dis 'n meisie dan simboliseer die naam "available girls."

Tabel 8.25: Kwalitatiewe data van sessie vier met Mandy Lewis.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Sy is baie mooi aangetrek. Sy begin meer oogkontak maak as voorheen.	Volgens Mandy is sy nie na iemand vernoem nie en het haar ma se suster die naam gekies.
Sy is baie bly oor die teddiebeer wat die navorser vir haar gee. Sy het 'n goeie sin van humor.	Sy hou van haar naam en is nog nooit geterg oor haar naam nie. Sy het ook nog nooit gehoor dat 'n ander kind geterg word oor sy naam nie.
Wendy kyk af en lag skaam toe die navorser haar vra of sy 'n bynaam het. Sy kom gemaklik voor tydens die sessie en neem spontaan deel aan besprekings.	Sy vertel dat haar niggie jaloers was omdat almal altyd vir haar gesê het dat sy mooi is en daarom het haar niggie haar toe "umbi" genoem wat beteken "lelik."
Sy lag spontaan en noem dat haar gunstelingmusiekgroep "Westlife" is en dat sy nie hou van lees nie en daarom nie 'n gunstelingboek het nie.	Volgens Mandy sou sy die navorser "Thandi" genoem het, wat beteken "lovely." Sy noem dat Oprah en Ricki haar gunsteling televisieprogramme is.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Goeie verhouding met haar oom en vriende.	Geen weerstand nie.
Woon haar terapisessies getrou by.	Die inligting wat bespreek word oor haar is op haar voorgrond.

8.2.2.7 Verloop van sessie vyf. Teenwoordig: Mandy en Vuyokazi.

Die navorser betrek Mandy by bespreking van die aktiwiteit: "My veiligheid," (sien punt 6.2.1.2.).

Tabel 8.26: Kwalitatiewe data van sessie vyf met Mandy Lewis.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Sy dui op die veiligheidskaal aan dat sy net na die voorval soms onveilig gevoel het, en noudat die beweerde oortreders gearrester is, voel sy nie onveilig nie.	Mandy bevestig dat die beweerde oortreders gearrester is. Volgens Mandy bly sy saam met haar oom, sy suster en susterskind. Volgens Mandy is haar oom nie getroud nie en is hy 'n weergebore Christen.
Sy dui op haar ekokaart aan dat sy op pad skool toe (vyf km na die skool) onveilig voel. Goeie energievlakke.	Mandy noem dat die een beweerde oortreder saam met haar op 'n ander skool was voor die voorval. Sy verduidelik dat sy ver moet loop skool toe en is bang vir die beweerde oortreders.
	Mandy identifiseer die smokkelhuise as 'n plek waar dit nie veilig is nie en om in die donker te loop as omstandighede wat nie veilig is nie.
	Die ander beweerde oortreder is volgens Mandy huidiglik saam met haar op skool, maar sy vermy hom.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Nie vandag skool toe gegaan nie, want dit het gereën en wind waai sterk en sy moet vyf km na die skool loop.	Op Mandy se voorgrond is die vraag of die beweerde oortreders gaan borg kry.
Volgens Mandy gaan sy kerk, skool, winkel en na haar vriende se huise toe.	Geen weerstand nie.

8.2.2.8 Verloop van sessie ses. Teenwoordig: Mandy en Vuyokazi.

Die navorser betrek Mandy by die aktiwiteit: "Selfgeldende gedrag," (sien punt 6.2.3.8.).

Tabel 8.27: Kwalitatiewe data van sessie ses met Mandy Lewis.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Mandy lyk bly om die navorser te sien. Sy maak meer oogkontak as aanvanklik.	Volgens Mandy het die beweerde oortreders aggressief opgetree.
Mandy steek haar hand op tydens bespreking van passiewe gedrag om aan te toon dat sy soms passief optree en kyk skaam af.	Mandy noem dat sy soms selfgeldend optree.
Mandy geniet die rollespel. Sy sukkel om die aggressiewe rol te vertolk en lag.	
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Sy kom vir terapeutiese sessies.	Geen weerstand nie.
Betrokke by die kerk se jeug.	Die aktiwiteite is op haar voorgrond.

8.2.2.9 Verloop van sessie sewe. Teenwoordig: Mandy en Vuyokazi.

Die navorser neem Mandy na die hof en doen hofvoorbereiding, (sien punt 6.2.2.7.). Die navorser, Vuyokazi en Mandy rollespel 'n gevallestudie in die hof. Volgens Van der Merwe (1996d:128) is dramatiese spel 'n spesiale middel van kommunikasie tussen die terapeut en die adolessent.

Tabel 8.28: Kwalitatiewe data van sessie sewe met Mandy Lewis.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Sy dui op die blaaie aan dat sy bang voel om te gaan getuig. Met die rollespel was sy aanvanklik skamerig, maar het dit later baie geniet. Sy het ontspan en gelag.	Sy verduidelik dat sy bang is om voor mense te praat en ook bang is vir die beweerde oortreders. Sy noem dat sy ook bang is vir die mense wat by die hof werk.
Mandy neem met selfvertroue deel aan besprekings.	
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Besoek die hof.	Die hofsak is op haar voorgrond.
	Geen weerstand nie.

8.2.2.10 Verloop van sessie agt en nege. Teenwoordig: Mandy en Vuyokazi.

Die navorser neem Mandy tydens sessie agt vir haar opvolg MIV-bloedtoets. Sy is bang en bekommerd. Volgens gemeenskapslede is die een beweerde oortreder MIV-positief. Mandy het medikasie, "AZT", gekry tydens haar mediese ondersoek wat sy gedrink het. Tydens sessie nege betrek die navorser Mandy by die aktiwiteit: "My sintuie," sien punt 6.2.2.3. Die navorser het met behulp van die aktiwiteit, Mandy se bewustheid van die inligting wat sy ontvang met behulp van haar sintuie, verhoog. Bewustheid is 'n vorm van ervaring en dit is die manier waarop die individu haarself kan reguleer deur keuses (Schoeman, 1996a:30).

Tabel 8.29: Kwalitatiewe data van sessie nege met Mandy Lewis.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Sy kom op haar gemak voor.	Volgens Mandy het sy die aand van die voorval vier ouens gesien, sy het gedink en geweet hulle is gevaarlik en was bang.
Min oogkontak. Mandy blyk soms onseker van haar vermoëns.	Volgens Mandy het sy alkohol geruik en was bang. Volgens Mandy is sy aan die skouer gevat en het ongemaklik gevoel.

KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Woon sessies gereeld by.	Geen weerstand nie.
Goeie verhouding met haar oom.	Die voorval is op haar voorgrond tydens bespreking van die aktiwiteit.

8.2.2.11 Verloop van sessie tien. Teenwoordig: Mandy en Vuyokazi.

Die navorser betrek Mandy by die aktiwiteit: "7de Laan," (sien punt 6.2.2.6.). Die navorser het die program "7de Laan" net vervang met "Generations," aangesien sy "Generations" kyk. Volgens Mandy is haar verhouding met haar moeder beter. Volgens Sigelman (1999:383) benodig adolessente steeds daardie sekuriteit wat voorsien word deur ondersteunende ouers ten einde meer onafhanklik en outonome individue te word.

Tabel 8.30: Kwalitatiewe data van sessie tien met Mandy Lewis.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Mandy kom vrolik voor. Sy deel haar opinies met selfvertroue.	Volgens Mandy is sy vriendelik, gelukkig en hou daarvan om beheer te neem. Volgens Mandy trek sy mooi aan.
Mandy het aktief deelgeneem en het haar opinies gelug.	Sy erken dat sy soms skinder en soms passief optree.
Mandy het gelag en humoristies genoem dat alle meisies skinder.	Sy noem dat sy nou oor die weg kom met haar ma.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Mandy noem dat sy nou al vir 'n paar maande oor die weg kom met haar ma.	Geen weerstand nie. Op haar voorgrond is dat dit beter gaan met haar verhouding met haar ma.

8.2.2.12 Verloop van sessie elf. Teenwoordig: Mandy en Vuyokazi.

Die navorser betrek Mandy by die aktiwiteit: "Kleivoorstellings," (sien punt 6.2.1.8.). Volgens Van der Merwe (1996c:138) bied kreatiewe spel, soos kleispiel, die geleentheid aan die adolessent vir ondersoek en ontlading van gevoelens.

Tabel 8.31: Kwalitatiewe data van sessie elf met Mandy Lewis.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Sy trek aanvanklik haar gesig toe sy die potklei voel en noem dat dit soos modder voel. Sy kyk na haar hande en wys vir die navorser.	Mandy maak 'n hond van klei om kwaadgevoelens uit te beeld en verduidelik dat 'n kwaai hond vanoggend vir haar geblaf het en dat sy 'n ompad skool toe moes neem. Sy moes hardloop om betyds te wees.

Ontspan later en geniet die aktiwiteit.	Mandy maak haar vriendin om gelukkige gevoelens uit te beeld en verduidelik dat hulle saam lag, dinge saam doen en lekker gesels.
Min oogkontak, maar Vuyokazi het aan die navorsers verduidelik dat Mandy sodoende respek toon.	Mandy maak 'n televisie van klei om hartseer uit te beeld en verduidelik dat sy 'n dokumentêr gekyk het van 'n meisie wat 'n prostituut is.
	Mandy noem dat sy bang is vir die donker en nie kan slaap as daar nie 'n lig aan is nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Sy woon sessies gereeld by.	Aanvanklike weerstand weens die klei se tekstuur, maar later het sy dit geniet.
	Op haar voorgrond is alledaagse gebeure soos die hond wat vanoggend vir haar geblaf het.

8.2.2.13 Verloop van sessie twaalf. Teenwoordig: Mandy en Vuyokazi.

Die navorsers betrek Mandy by die aktiwiteit: “Onvoltooide sinne,” (sien punt 6.2.3.4.). Volgens Yontef (1993:78) is enige onvoltooide gestalt ‘n onvoltooide saak wat oplossing vereis.

Tabel 8.32: Kwalitatiewe data van sessie twaalf met Mandy Lewis.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Sy is mooi aangetrek en in ‘n ligte gemoedstoestand.	Volgens Mandy lyk sy soos haar pa, maar het haar ma se oë.
Sy toon belangstelling in die aktiwiteit en gee goeie samewerking.	Volgens Mandy het sy aan ‘n sangkompetisie deelgeneem en derde gekom.
Sy het soms gedink voordat sy die onvoltooide sinne voltooi het. Sy het selfversekerd voorgekom tydens sessie.	Sy voltooi onder andere die volgende sinne: “I am beautiful,” / “I don’t like to talk about my case”
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Haar verhouding met haar ma het verbeter, maar sy verkies steeds om by haar oom te bly.	Sy toon geen weerstand tydens sessie nie.
Sy gaan Desember na familie in die Oos-Kaap.	Alledaagse gebeure in haar lewe is op haar voorgrond.

8.2.2.14 Verloop van sessie dertien. Teenwoordig: Mandy en Vuyokazi.

Die navorsers betrek Mandy by die aktiwiteit: “My regte,” (sien punt 6.2.2.9.). Volgens Blugerman (1986:71) het Perls die idêe ontwikkel dat ‘n persoon verantwoordelikheid vir haar eie lewe moet neem.

Tabel 8.33: Kwalitatiewe data van sessie dertien met Mandy Lewis.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
---	---

Dit kom voor of Mandy die sessies geniet. Sy lag en neem deel aan die gesprek. Sy knip prente uit en beeld kinderregte op die hemp uit.	Mandy noem die volgende Kinderregte: opvoeding, veilige woning, reg om nee te sê, op eie opinie, voedsel, gesondheid, veiligheid en beskerming.
Goeie energievlakke. Sy was stiller en het gekonsentreer terwyl sy prente gekies het om haar hemp te ontwerp.	Mandy noem dat kinders die verantwoordelikheid het om skool te gaan en dat kinders hulle ouers moet respekteer.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Woon sessies getrou by.	Geen weerstand nie.
Sy woon steeds by haar oom.	Kinderregte is op haar voorgrond.

8.2.2.15 Verloop van sessie veertien. Teenwoordig: Mandy en Vuyokazi.

Die navorser betrek Mandy by die aktiwiteit: “Nie-verbale kommunikasie” en “Persoonlike spasie,” (sien punt 6.2.1.6 en 6.2.2.11.).

Tabel 8.34: Kwalitatiewe data van sessie veertien met Mandy Lewis.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Mandy beeld bang- en hartseergevoelens nie verbaal uit. Die navorser merk op dat Mandy en die Xhosa maatskaplike werker minder van gesigsuitdrukkings gebruik maak om gevoelens uit te beeld.	Sy het genoem dat sy onseker is hoe om met haar liggaam aan te dui wanneer sy ongemaklik voel indien iemand te naby aan haar staan of aan haar vat op ‘n manier wat haar ongemaklik laat voel.
Mandy pak die klippe om haar ten einde uit te beeld hoeveel persoonlike spasie sy benodig om gemaklik te voel. Die navorser het op die rand gestaan voor, langs en agter haar en sy het verstellings gemaak ten einde die hoeveelheid spasie aan te toon waarmee sy gemaklik voel.	
Mandy oefen saam met die navorser liggaamstaal om aan te dui wanneer sy nie gemaklik voel nie, byvoorbeeld “staan terug.”	
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Mandy het bewus geword van hoe sy met behulp van haar liggaamstaal boodskappe uitstuur.	Geen weerstand nie. Die rollespel is op haar voorgrond en sy gee goeie samewerking.

8.2.2.16 Verloop van sessie vyftien. Teenwoordig: Mandy en Vuyokazi.

Die navorser betrek Mandy by die aktiwiteit: “Vertroue,” (sien punt 6.2.4.2.).

Tabel 8.35: Kwalitatiewe data van sessie vyftien met Mandy Lewis.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Sy maak vandag gebruik van nie-verbale kommunikasie en rek haar oë en lag.	Mandy noem dat die afspraak vandag te vroeg was, sy wou nog slaap.
Mooi aangetrek.	Volgens Mandy beteken vertroue vir haar om “eerlik” te wees.

Kom selfversekerd voor.	Sy noem drie vriende en haar oom as persone wat sy vertrou. Sy noem dat sy vir hulle goed kan vertel en hulle sal dit nie vir ander vertel nie.
	Sy onthul dat die rede waarom sy nie haar stiefpa vertrou nie, is omdat hy haar probeer verkrag het toe haar ma in die Oos-Kaap was. Sy het geskree en hy het haar gelos. Sy het haar ma en oom vertel en bly daarom nou by haar oom.
	Sy noem dat 'n persoon se gedrag daarop dui of jy hom of haar kan vertrou of nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Kom gereeld vir haar sessies.	Geen weerstand nie.
Woon by haar oom wat sy vertrou. Sy het drie vriendinne wat sy ook vertrou.	Op Mandy se voorgrond is die voorval waartydens haar stiefpa probeer het om haar te verkrag.

8.2.2.17 Verloop van sessie sestien. Teenwoordig: Mandy en Vuyokazi.

Die navorser lig Mandy in dat die meisie wat saam met haar die aand van die voorval was, erken het dat sy toestemming gegee het en dus nie verkrag is nie. Dit was dus statutêre verkragting in die geval van die ander meisie aangesien sy jonger as 16 jaar oud is en nog nie gemagtig is om ingeligte toestemming te gee nie. Die navorser betrek Mandy by die aktiwiteit: "Positiewe denke," (sien punt 6.2.2.5.).

Tabel 8.36: Kwalitatiewe data van sessie sestien met Mandy Lewis.

NIE VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Mandy lyk geskok toe die navorser haar inlig van die ander meisie wat erken het dat sy toestemming gegee het.	Volgens Mandy het sy nie toestemming gegee nie en is sy geskok oor die nuus. Volgens Mandy het die ander meisie nie dit vir haar vertel nie.
Haar gesigsuitdrukking toon op verbasing toe die navorser haar inlig dat die ander meisie erken het dat sy toestemming gegee het.	Volgens Mandy is sy nie meer vriende met die ander meisie nie, want die ander meisie het haar probeer oortuig om die saak terug te trek en was steeds vriende met die beweerde oortreders.
Sy kom egter selfversekerd voor toe sy die navorser inlig dat sy egter voortgaan met die saak en haar kant wil stel.	Volgens Mandy wil sy haar kant vertel in die hofsaak en wil sy voortgaan met die saak. Mandy vertel weer wat die aand van die voorval gebeur het. Mandy vertel dat die een beweerde oortreder haar gedreig het en gesê het dat hy haar met 'n skroewedraaier sal steek. Hulle het geweier dat sy huis toe gaan na die verkragting en volgens Mandy het sy wakker gelê tot die volgende oggend.
	Volgens Mandy is die positiewe aspekte dat sy

	die waarheid praat, opstaan vir haar regte, dat haar familie haar ondersteun, dat sy eerlik is, dat sy terapie positief beleef en dat haar verhouding met haar ma verbeter het.
	Volgens Mandy was die negatiewe dat haar lewe moeilik was na die verkragting, sy kon nie konsentreer nie en dat sy nie meer vriende met die ander meisie is nie, wie sy dink baie potensiaal het om haar lewe positief te verander.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Sy gaan die vakansie na die Oos-Kaap. Twee van haar neefs word besny.	Geen weerstand nie. Op haar voorgrond is die meisie wat erken het dat sy toestemming gegee het.

8.2.2.18 Verloop van sessie sewentien. Teenwoordig: Mandy en mnr. Lewis, haar oom.

Mnr. Lewis stem in dat die navorser kan temineer.

Tabel 8.37 Mandy Lewis se huidige funksionering volgens mnr. Lewis.

ONDERWERPE:	GEBEURE:	IMPAK EN REAKSIE VAN DIE GEBEURE:
Gesondheidsgeskiedenis:	Na verkragting.	Sy kon een aand na die voorval nie slaap nie. Bekommerd oor een beweerde oortreder wat na bewering MIV positief is.
	Huidig.	Gesondheid goed, geen slaap- of eetprobleme nie. Een beweerde oortreder is MIV positief, maar Mandy het "AZT" medikasie geneem en het gelukkig nie die virus gekry nie.
Emosionele funksionering:	Na verkragting.	Haar selfbeeld is beïnvloed. Sy voel skuldig omdat sy uit was in die aand.
	Huidig.	Volgens haar oom is Mandy 'n sterk persoon. Geen huidige kommer nie.
Interpersoonlike verhoudings:	Na verkragting.	Vriende verlei haar om verkeerde goed te doen.
	Huidig.	Mandy se verhouding met haar ma het verbeter. Mandy het ook weer kontak met haar pa en stiefma in die Oos-Kaap gehad en het dit positief beleef. Sy is nie meer vriende met die meisie

		wat saam met haar was die aand van die vooval nie.
Gedragsprobleme:	Na verkragting.	Haar oom keur nie haar vriende goed nie.
	Huidig.	Net eenkeer wat sy saam met vriende gedrink het waaroor hy haar aangespreek het. Verder is haar gedrag goed. Sy is betrokke by die jeug. Kontak verbreek met die verkeerde vriende.
Kognisie:	Na verkragting.	Geen probleem.
	Huidig.	Geen probleem.
Seksualiteit:	Na verkragting.	Hulle het nooit daarvoor gepraat nie.
	Huidig.	Hulle praat nou soms daarvoor.
Skoolprestasie:	Na verkragting.	Die een beweerde oortreder is in dieselfde skool.
	Huidig.	Sy het geslaag. Sy het vanjaar van skool verander.
Dissipline:	Na verkragting en huidiglik.	Hy praat met Mandy en waarsku haar teen die verkeerde vriende.
Gesinslewe:	Na verkragting.	Verhouding met ma was swak en sy was aanvanklik nie ondersteunend na die voorval nie.
	Huidig.	Sy woon steeds by oom, maar haar verhouding met haar ma het verbeter. Sy het ook kontak met haar pa gehad. Haar oom probeer deurgaans kontak tussen Mandy en haar ouers bewerkstellig.

8.2.2.19 Kwantitatiewe data voor en na afloop van die implementering van die speltherapieprogram


Die voortoets het daarop gedui dat Mandy se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente soms haar positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed. Mandy se funksionering is tydens aanvang van terapeutiese dienslewering as fluktuierend beskryf. Die natoets het getoon dat Mandy se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente nie haar positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed

nie. Haar funksionering is tydens terminering van terapeutiese dienslewering as effektief beskryf.


Mandy se huidige algehele Selfpersepsiepuntetotaal (die gemiddelde van al die selfpersepsie-elemente) is huidig 9% en haar vorige telling tydens die voortoets was 38%. Al Mandy se selfpersepsietellings het goed verbeter, aangesien die aanbevole gebied 'n totaal van minder as 30% is. Haar isolasietelling dui nie op 'n behoefte vir verbetering nie en is slegs een punt bo die aanbevole gebied naamlik 30. Die navorser skryf dit aan die volgende toe:

- Sy het van skool verander en is nou op Stellenbosch op skool. Sy staan baie vroeg op om die trein te haal en kom eers laat by die huis na skool.
- Sy het onthul dat sy by haar oom woon omdat haar stiefpa haar na bewering probeer verkrag het.
- Haar ma was aanvanklik nie ondersteunend na die voorval nie.

Figuur 8.3: KFI-HOËR Profiel – Selfpersepsie



Mandy se huidige algehele Trauma-Dinamikapuntetotaal (die gemiddelde van al die trauma-dinamika-elemente) is 8% en haar vorige telling tydens die voortoets was 27%. Al Mandy se trauma-dinamikatellings het verbeter en is onder die aanbevole gebied. Let veral op die verbetering in haar wantroue en frustrasietellings.

Figuur 8.4: KFI-HOËR Profiel – Trauma Dinamika

8.2.2.20 Integrasie van die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindinge

Die kwalitatiewe en die kwantitatiewe bevindinge komplimenter mekaar aangesien beide daarop dui dat die implementering van die spelterapieprogram Mandy se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente verbeter het. Volgens Mandy se oom, mnr. Lewis, was Mandy se selfbeeld na die voorval beïnvloed, was sy beïnvloedbaar deur haar portuurgroep en het die verkeerde vriende gehad. Sy kon een aand na die voorval nie slaap nie en hulle het die gerugte gehoor dat die een beweerde oortreder MIV positief is. Haar verhouding met haar ma was swak.

Die onderhoude met mnr. Lewis het ook daarop gedui dat Mandy positiewe veranderinge getoon het weens die terapeutiese dienste wat gelewer is. Na afloop van dienslewering, was Mandy selfversekerd en haar oom het haar as 'n "sterk persoon" beskryf. Sy was betrokke by die jeug en het geen gedragsprobleme getoon nie. Haar verhouding met haar ma het verbeter en sy het ook by haar pa en stiefma gaan kuier. Sy het geslaag en is positief ingestel op haar skoolloopbaan. Sy het van skool verander en is nie meer in dieselfde skool as die een beweerde oortreder nie. Mnr. Lewis en Mandy praat nou soms oor seksualiteit.

Die navorser het drie maande na terminering 'n opvolg-onderhoud met Mandy en haar oom gevoer ten einde die langtermynimpak van die program vas te stel. Almal was dit eens dat dit goed gaan met Mandy en dat geen verdere dienste benodig word nie. Die navorser handhaaf 'n oop-deur-beleid. Beide Mandy se selfpersepsietelling en trauma-dinamika-telling het volgens die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool resultate verbeter. Die afleiding kan daarom gemaak word dat die kwalitatiewe en die kwantitatiewe bevindinge mekaar komplimenteer aangesien beide daarop dui dat die implementering van die spelterapiëprogram Mandy se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente verbeter het.

8.2.3 Biografiese inligting van gevallestudie drie: Mia Koense.

Naam van die adolessent: Mia Koense

Kultuurgroep: Xhosa

Ouderdom: 13 jaar oud

Geslag: Vroulik

Aantal kinders in die gesin: 4

Huistaal: Xhosa

8.2.3.1 Agtergrondinligting van Mia Koense

Mia Koense het in die Oos-Kaap grootgeword en het later saam met haar moeder na Kaapstad verhuis. Mev. Koense het PATCH se Xhosa maatskaplike werker kom sien in verband met haar dogter, Mia. Mev. Koense het haar kommer uitgespreek oor Mia wat slegs 13 jaar oud is en seksuele verhoudings met mans ouer as 21 jaar het. Mia het na bewering soms geld vir seks aanvaar. Dit is dus statutêre verkragting aangesien Mia nog nie 16 jaar oud is nie en daarom nie ingeligte toestemming vir seksuele omgang kan gee nie. Mev. Koense moes na die Oos-Kaap gaan, maar kon nie haar kind onder daardie omstandighede sonder haar toesig by familie laat nie en Mia is skoolgaande. Die Xhosa maatskaplike werker het met die betrokke welsyn gereël dat Mia tydelik by 'n plek van veiligheid geplaas word en mev. Koense het ingestem dat Mia kan inskakel vir terapie by die navorser.

8.2.3.2 Impak van die beweerde statutêre verkragting op Mia volgens die onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met mev. Koense.

Mev. Koense gee skriftelike toestemming vir Mia se deelname aan die navorsing.

Tabel 8.38: Agtergrondgeskiedenis van Mia Koense.

ONDERWERPE:	GEBEURE:	IMPAK EN REAKSIE VAN DIE GEBEURE:
Ontwikkelingsgeskiedenis:	Geboorteproses.	Mev. Koense was aanvanklik siek tydens haar swangerskap, maar dit het opgeklaar. Mia was 'n beplande swangerskap. By die huis geboorte geskenk, alles het goed verloop.
	Ontwikkeling	Mia was baie siek toe sy klein was en dit het haar ontwikkeling beïnvloed. Sy het ontwikkelingstake dus op 'n latere ouderdom bemeester.
	Geen traumagebeure voorheen nie.	Mia het nog nooit voorheen terapie ontvang nie.
Gesondheidsgeskiedenis:	Geboorte tot statutêre verkragting.	Mia was baie siek toe sy klein was.
	Na statutêre verkragting.	Mia het nie enige gesondheidsprobleme op die oomblik nie. Mia kla soms van hoofpyn.
Emosionele funksionering:	Voor statutêre verkragting.	Geen probleme nie.
	Na statutêre verkragting.	Mia gee nie om vir haarself nie, sy was haarself net as iemand haar herinner. Vandat sy seksueel aktief is, praat sy van selfmoordpogings.
Interpersoonlike verhoudings:	Voor statutêre verkragting.	Verhouding met ouers was beter voor die statutêre verkragting. Mia het die verkeerde vriende en is beïnvloedbaar deur portuurgroep.
	Na statutêre verkragting.	Verhouding met ouers het verswak, omdat mev. Koense baie kwaad was oor voorvalle en haar soms slaan. Mia hou daarvan om saam met haar vriende te wees.
Gedragsprobleme:	Voor statutêre verkragting.	Gedrag was beter.
	Na statutêre verkragting.	Sy is nie gehoorsaam nie. Sy steel geld, vertel leuens en is aggressief teenoor haar vriende. Mia drink en hardloop weg van die huis af.
Kognisie:	Voor en na statutêre verkragting.	Geen probleme nie.
Seksualiteit:	Voor en na statutêre verkragting.	Mia en mev. Koense praat nie oor seksualiteitaspekte

		nie.
Skoolprestasie:	Voor statutêre verkragting.	Mia het altyd goed gedoen.
	Na statutêre verkragting.	Mev. Koense weet nie hoe Mia huidig presteer op skool nie en onderneem om met die onderwyseres te gaan praat.
Voorval inligting:	Die statutêre verkragting.	Mia het seksuele verhoudings met ouer mans aangeknoop en soms geld ontvang. Mev. Koense is baie kwaad vir Mia daaroor.
Dissipline:	Voor en na statutêre verkragting.	Mev. Koense slaan vir Mia, maar erken dat dit nie effektief was nie en dat Mia se gedrag nie verander het nie.
Gesinslewe:	Voor statutêre verkragting.	Verhouding met ouers was beter as nou.
	Na statutêre verkragting.	Verhoudings met ouers het verswak. Mia se pa het Mia se ma blameer vir Mia se gedrag en dit het 'n impak op hulle verhouding gehad. Mia nou in 'n veiligheidsplasing.

8.2.3.3 Verloop van sessie een. Teenwoordig: Mia en Vuyokazi.

Alhoewel Mia Engels verstaan, is dit vir haar makliker om in Xhosa te praat. Die besluit word daarom geneem dat Vuyokazi as tolk sal optree. Die navorser betrek Mia by die aktiwiteit: “Die lewenslyn,” (sien punt 6.2.1.1.). Tydens die aktiwiteit gee Mia ook vrywilliglik die inligting rondom die seksuele verhoudings wat sy aangeknoop het. Haar vriende het haar aangemoedig om seksueel aktief te wees met 'n man vir geld. Volgens Mdikana (2000:25) is een van die gevare van identifikasie met die portuurgroep wanneer die adolessent 'n negatiewe identiteit vorm wat in konflik met die samelewing se waardes en norme is en dus 'n negatiewe invloed op die adolessent uitoefen. Kinders in die “valse laag” tree op volgens wat ander van hulle verwag en dus nie volgens hulle ware self nie (Blom, 2004:35).

Tabel 8.39: Kwalitatiewe data van sessie een met Mia Koense.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Mia is klein gebou en lyk baie jonk. Sy kom egter selfversekerd voor. Haar gesiggie kom emosieloos voor.	Volgens Mia was sy in graad een in die Oos-Kaap en het in graad twee na 'n skool in die Strand gekom. Sy bly vanaf geboorte by haar ouers. Volgens Mia is haar ouma oorlede toe

	sy 12 jaar oud was.
Beperkte oogkontak, kan kultureel van aard wees.	Mia erken dat sy op 13 jarige ouderdom die eerste keer begin eksperimenteer het met drank en vir die eerste keer seksueel aktief was toe sy onder die invloed van alkohol was.
	Mia noem dat haar vriende haar aangemoedig het om met die man seks te hê vir geld omdat hy gewerk het. Dit was nie vir haar lekker nie.
	Mia noem dat daar nog 'n man was met wie sy twee keer seks gehad het, sy kan nie sy naam onthou nie. Sy het nou 'n vaste kêrel. Hy is 14 jaar oud en hulle is nie seksueel aktief nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Verhouding met haar ouers is swak. Haar ma is veral baie kwaad vir haar oor haar gedrag.	Geen weerstand nie.
Mia blyk baie beïnvloedbaar te wees deur haar portuurgroep.	Mia se gedrag en seksuele verhoudings is op haar voorgrond.

8.2.3.4 Verloop van sessie twee. Teenwoordig: Mia Koense.

Die navorser betrek Mia by die aktiwiteit: “Die liggaamskaart,” (sien punt 6.2.1.5.). Mia het met behulp van hierdie aktiwiteit die geleentheid gekry om haar gevoelens in die hier-en-nou te deel. Volgens O’Leary (1998:17) is die teenwoordige van belang, want die verlede is verby en die toekoms het nog nie gearriveer nie.

Tabel 8.40: Kwalitatiewe data van sessie twee met Mia Koense.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Mia lyk opgewonde en asof sy uitgesien het na die sessie.	Volgens Mia is sy gelukkig wanneer sy saam met haar ouers is en goeie dinge doen.
Mia is betyds vir haar sessie.	Volgens Mia word sy kwaad wanneer sy vals beskuldig word van iets by die veiligheidsplasing.
Goeie belangstelling en deelname.	Mia erken dat sy skuldig voel en spyt is omdat sy gedrink het en daarom soms by haar vriende oorgeslaap het en in die moeilikheid by haar ouers beland het. Sy bevestig ook dat sy dronk was toe sy seks met die man gehad het.
	Volgens Mia is sy bekommerd oor die konflik tussen haar en haar suster. Haar suster het op haar geskree oor die verkeerde vriende.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Sy is in 'n veiligheidsplasing.	Mia toon weerstand en wil nie dat die navorser die beweringe van valse beskuldigings teenoor Mia met die veiligheidsouer bespreek nie.
Haar suster het vir haar kom kuier.	Haar gevoelens wat bespreek word, is op haar voorgrond.

8.2.3.5 Verloop van sessie drie. Teenwoordig: Mia Koense en Jackie (tolk).

Die navorser betrek Mia by die aktiwiteite: “Gunsteling dinge” en “My naam,” (sien punt 6.2.3.2. en 6.2.3.3.). Die navorser het met hierdie aktiwiteite gepoog om aan Mia te illustreer dat sy ‘n unieke persoon is, nie noodwendig dieselfde as die navorser of haar vriende nie, en dat sy aanvaar word vir wie sy is as persoon. Volgens Thom, Louw, Van Ede & Ferns (1998:425) verwys identiteit na die individu se bewustheid van haarself as onafhanklike, unieke persoon met ‘n spesifieke plek in die samelewing.

Tabel 8.41: Kwalitatiewe data van sessie drie met Mia Koense.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Mia kom gemaklik voor en gee nie om dat Jackie instaan as tolk nie.	Volgens Mia is haar gunsteling-televisieprogram “Generations.” Haar gunstelingplek om by te gaan kuier is die Oos-Kaap, maar sy is nie seker of haar ma haar vanjaar sal toelaat om te gaan nie.
Sy lyk asof sy die sessies geniet.	Haar ma het haar naam gekies en die betekenis van haar Xhosa-naam is: “dat sy iets vir haarself kan doen.”
Sy is mooi aangetrek.	Sy noem dat sy die navorser “Noluthando” sou noem wat beteken “lovely.”
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Sy wil graag weer gaan kuier in die Oos-Kaap.	Geen weerstand nie.
	Die aktiwiteite en besprekings oor haar naam en gunsteling is op haar voorgrond.

8.2.3.6 Verloop van sessie vier. Teenwoordig: Mia Koense en Vuyokazi.

Die navorser betrek Mia by die aktiwiteit: “Onvoltooide sinne,” (sien punt 6.2.3.4.). Onvoltooidhede neem gewoonlik die vorm van onvoltooide en onopgeloste uitgedrukte gevoelens aan (O’Leary, 1998:14).

Tabel 8.42: Kwalitatiewe data van sessie vier met Mia Koense.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Sy is mooi aangetrek en in ‘n ligte gemoedstoestand.	Mia vertel dat sy eenkeer ontsteld was toe ‘n kind haar geslaan het. Sy het die kind teruggeslaan. Bespreek alternatiewe, beter optredes.
Mia is nie skaam nie en kom selfversekerd	Sy noem dat sy nie meer iets slegs wil doen nie

voor. Sy kom alleen na haar sessies.	en verduidelik dat sy nie meer wil drink nie.
Sy neem met oorgawe deel aan die sessies en geniet dit.	Sy voltooi onder andere die volgende sinne: “Ek voel op my beste wanneer ek saam met my ma en pa televisie kyk of eet,” “Ek wil nie iemand kwaad maak nie,” “Ek hou nie daarvan om iemand kwaad te maak nie,” “Ek praat nie as ek iets saam met my vriende gedoen het nie,” “Ek voel skaam as iemand vir my sê dat ek dronk was.”
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Mia besef dat haar gedrag saam met haar vriende nadelige gevolge inhou en dat sy keuses sal moet maak.	Geen weerstand nie. Op haar voorgrond is dat sy graag haar gedrag wil verbeter en besef dat ander kwaad word oor haar gedrag (gevolge).”

8.2.3.7 Verloop van sessie vyf. Teenwoordig: Mia Koense en Vuyokazi.

Die navorser betrek Mia by die aktiwiteit: “Sintuie,” (sien punt 6.2.2.3.). Die navorser het met hierdie aktiwiteit Mia se bewustheid verhoog van die inligting wat sy met behulp van haar sintuie ontvang. Bewustheid is volgens Passons (1975:21) die kapasiteit om te fokus, om aandag te gee. Indien ‘n persoon nie bewus is van wat sy doen nie, dan neem sy nie verantwoordelikheid vir wat sy doen nie.

Tabel 8.43: Kwalitatiewe data van sessie vyf met Mia Koense.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Mia is netjies aangetrek in haar skooldrag.	Volgens Mia onthou sy die volgende inligting tydens die voorval toe sy dronk was en seks gehad het met die ouer man: Sy het geruik dat hy dronk is, het gedink dat hy daarom saam met haar seks wil hê en het bang gevoel. Sy het gevoel toe hy haar klere uittrek.
Sy kom vroliker en minder geslote voor as aanvanklik.	Mia noem dat sy nie dit wou gedoen het nie.
Haar gesigsuitdrukking was hartseer toe sy gepraat het oor watter inligting sy met haar sintuie ontvang het tydens die voorval.	Mia noem dat sy die volgende mooi inligting met haar sintuie ontvang het: sy het gehoor haar ma het gesê dat sy vir haar klere gaan koop, haar ma het vir haar ‘n drukkies gegee, sy het die braaivleis by die huis geruik en geproe, dit was lekker.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Sy was by die huis en hulle het gepraai.	Geen weerstand nie. Op Mia se voorgrond is haar ma en gebeure by die huis.

8.2.3.8 Verloop van sessie ses. Teenwoordig: Mia Koense en Vuyokazi.

Die navorser betrek Mia by die aktiwiteit: “Selfgeldende gedrag,” (sien punt 6.2.3.8.). Blom (2004:19) maak die afleiding dat gesonde kontak onder andere gesien kan word as die individu se vermoë om kontak met die omgewing te maak deur gebruik te maak van haar sintuie en die vermoë om emosies op ‘n gesonde manier uit te druk.

Tabel 8.44: Kwalitatiewe data van sessie ses met Mia Koense.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Mia lyk hartseer en geslote toe sy by die kantoor instap. Sy het tranes in haar oë.	Mia vertel dat haar ma vir haar klere gekoop het en dat dit nou vir haar voel asof die veiligheidsouer kwaad is en sy wil nie meer daar bly nie. Vuyokazi verduidelik dat die veiligheidsouer nou wil weet of haar ma ‘n finansiële bydrae kan maak.
Mia lyk verlig toe die navorser voorstel dat ‘n vergadering gehou moet word met die betrokke welsyn, veiligheidsouer en mev. Koense ten einde Mia se toekoms te bespreek.	Mia noem dat sy ook geterg word by die veiligheidsplasing en spreek die wens uit om by haar ouma in die Oos-Kaap te gaan bly.
Mia se energievlakke lig tydens die rollespel en sy geniet dit.	Volgens Mia was sy vir drie dae by die huis vir ‘n tradisionele fees en sy het by haar ma se reëls gehou.
Mia lyk ingenome met haarself toe die navorser haar prys dat sy vandag haar probleem op ‘n selfgeldende manier kom bespreek het.	Volgens Mia drink sy nie meer nie en is ook nie meer seksueel aktief nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Haar ma het vir haar klere gekoop.	Weerstand om aan te bly by die veiligheidsouer.
Sy is nie gelukkig by die veiligheidsplasing nie.	Op haar voorgrond is dat sy nie meer by die veiligheidsouer wil bly nie en na haar ouma in die Oos-Kaap wil gaan.

8.2.3.9 Verloop van sessie sewe en agt. Teenwoordig: mev. Koense en Vuyokazi.

Mev. Koense spreek tydens sessie sewe die wens uit dat Mia by die veiligheidsplasing moet aanbly tot Desember, waarna hulle saam na die Oos-Kaap kan gaan. Volgens mev. Koense kan Mia dan huis toe kom en dan kan ons haar gedrag monitor. Die navorser stel voor dat dit geleidelik gedoen moet word en dat Mia nou reeds vir naweke huis toe moet gaan en in die week by die veiligheidsouer moet bly. Vuyokazi sal die moontlikheid daarvan met die betrokke welsynswerker en die veiligheidsouer bespreek. Die navorser betrek Mia tydens sessie agt by die aktiwiteit: “Nie-verbale gedrag” en “Persoonlike spasie,” (sien punt 6.2.1.6. en 6.2.2.11.). O’Leary (1998:53)

haal Perls se beskrywing aan hoe die terapeut aandag geen aan die proses van psigosomatiese taal: “Moenie luister na die woorde nie, luister na wat die stem vir jou sê, wat die liggaamshouding en beeld vir jou vertel en die gesigsuitdrukking. Jy sal opmerk dat elkeen haarself op ‘n manier uitdruk.”

Tabel 8.45: Kwalitatiewe data van sessie agt met Mia Koense.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Mia lyk tevrede toe die navorser haar inlig wat haar ma gesê het. Mia geniet die rollespel en neem aktief deel.	Mia vertel dat sy en ‘n ander verstandelike gestremde meisie baklei het. Volgens Mia het ‘n seun deur die venster gekyk toe die ander meisie in die toilet was. Die meisie het vir Mia vertel en Mia het die seun gekonfronteer. Die ander meisie is toe kwaad dat Mia dit gedoen het en het vir Mia geslaan en toe slaan Mia haar terug.
Mia dui aan dat sy sal terugstaan indien iemand in haar persoonlike spasie kom en sy ongemaklik voel.	Volgens Mia blameer almal by die veiligheidsplasing nou vir haar.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Dit lyk asof die verhouding tussen Mia en die veiligheidsouer verswak het omdat mev. Koense nie ‘n finansiële bydra lewer nie.	Die konflik tussen haar en die ander meisie is op haar voorgrond. Geen weerstand nie.

8.2.3.10 Verloop van sessie nege. Teenwoordig: Mia en Vuyokazi.

Die navorser betrek Mia by die aktiwiteit: “My veiligheid,” (sien punt 6.2.1.2.). Mia het ‘n ekokaart van haar omgewing gemaak. Volgens Shapiro (1994:49) kan die kind haar wêreld orden, sin maak van wat sy weet, ervarings van die verlede in verhouding bring met die hede en spieraktiwiteite omsit in denke, en idees omsig in aksies met behulp van kuns.

Tabel 8.46: Kwalitatiewe data van sessie nege met Mia Koense.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Mia is betyds en in ‘n ligte gemoedstoestand.	Mia verduidelik dat sy nie veilig voel in die Oos-Kaap nie, want haar ma is daar beroof.
Mia glimlag en lyk tevrede daarmee dat sy verantwoordelikheid moet aanvaar vir haar gedrag en indien haar gedrag goed is naweke by die huis, verhoog die moontlikheid dat sy huis toe kan gaan.	Sy verduidelik dat sy nie veilig voel by die winkels nie omdat diefstal daar plaasvind en daar seuns is wat ander kinders probeer dwing om iets vir hulle te koop.
Mia dui aan met ‘n regmerk op die ekokaart dat sy veilig voel by haar veiligheidsplasing,	Sy verduidelik dat sy nie veilig voel indien sy op pad na haar vriendin toe is nie, want iemand

kerk en skool.	kan haar langs die pad vang.
Sy dui aan met 'n kruisie dat sy nie veilig voel by haar een vriendin se huis, in die Oos-Kaap en by die winkel nie.	Mia noem dat die smokkelhuise, tussen haar huis en die park gevaarlike plekke in haar gemeenskap is.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Die navorser lig Mia in dat sy na die vakansie elke tweede naweek huis toe sal gaan. Die navorser wys Mia daarop dat dit in haar hande is of sy weer huis toe sal gaan of nie. Indien sy by haar ma se reëls hou en nie drink nie, verhoog dit die moontlikheid dat sy gouer sal huis toe gaan.	Geen weerstand nie. Die aktiwiteite en besprekings is op haar voorgrond.
Mia identifiseer die plekke in haar gemeenskap waar sy veilig voel en nie veilig voel nie.	

8.2.3.11 Verloop van sessie tien. Teenwoordig: Mia en Vuyokazi.

Die navorser betrek Mia by die aktiwiteit: "Vertroue," (sien punt 6.2.4.2.). Indien die adolessent deur 'n persoon in die verlede verraai is, kan dit lei tot probleme met vertroue in die hede (Williams & Poijula, 2002:178).

Tabel 8.47: Kwalitatiewe data van sessie tien met Mia Koense.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Mia lyk baie gelukkig omdat die navorser haar verjaarsdag onthou het.	Volgens Mia beteken vertroue vir haar dat die ander persoon nie jou geheime met ander sal deel sonder om jou eers te vra nie. Sy voel ook dat 'n persoon wat sy kan vertrou ouer as sy moet wees.
Goeie energievlakke.	Mia identifiseer haar familie en ma as die persone wat sy vertrou, want sy behoort aan hulle en hulle hou by hulle beloftes.
Sy kom selfversekerd voor.	Volgens Mia kon sy nie vanjaar 'n verjaarsdagpartytjie kry nie weens finansiële redes.
	Volgens Mia vertrou sy nie vreemde mans en haar een vriendin nie. Sy verduidelik dat vreemde mans jou kan verkrag. Sy verduidelik dat hulle klomp vriende was wat saam gerook het. Haar vriendin het vir mev. Koense gaan sê dat Mia gerook het, maar sy het self ook gerook. Daarom vertrou sy nie meer daardie vriendin nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Sy vertrou haar ma en familie.	Geen weerstand nie.
Die navorser het 'n verjaarsdagpersent aan haar gegee.	Op Mia se voorgrond is dat sy graag huis toe wil gaan.

8.2.3.12 Verloop van sessie elf. Teenwoordig: Mia en Vuyokazi.

Die navorser betrek Mia by die aktiwiteit: “Meryl se storie,” (sien punt 6.2.4.1.). Storievertelling skep ‘n veilige afstand waartydens die adolessent met verskeie aspekte van die storie kan identifiseer en bewuswording word geskep asook die geleentheid om dit op ‘n nie-bedreigende manier te bespreek (Webb, 1999:37). Volgens Mia het haar pa Saterdag gedrink, sy het na haar vriendin se huis gegaan en het weer die Sondag huis toe gegaan. Haar ma was baie kwaad en het na bewering gesê dat sy vir Mia gaan doodmaak. Mia erken dat dit verkeerd van haar was om uit te slaap sonder toestemming.

Tabel 8.48: Kwalitatiewe data van sessie elf met Mia Koense.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Mia is betyds vir haar afspraak.	Volgens Mia het sy skuldgevoelens ervaar omdat sy gedrink het en na die beweerde oortreder gegaan het.
Sy toon belangstelling in die aktiwiteit.	Volgens Mia het sy vir niemand vertel nie. Die beweerde se tweelingbroer het ‘n vriend vertel wat vir mev. Koense vertel het. Mia noem dat sy nou vry voel dat die waarheid uitgekóm het.
Mia se oë was tranerig toe sy vertel het van die gebeure oor die naweek.	Volgens Mia het die voorval haar gepla en was sy bang dat hy dit weer sal doen.
	Voor onthulling het sy hoofpyn gekry. Volgens Mia vertrou sy nie mans nie. Mia is van mening dat die draaipunt in haar lewe was toe sy by die veiligheidsplasing geplaas is.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Dit blyk dat mev. Koense haar kwaadgevoelens op die verkeerde manier uitdruk weens die beweringe dat sy al vir Mia gebyt het en vir haar gesê het dat sy haar gaan doodmaak.	Weerstand om die situasie in die gesig te staar en wil vlug na die Oos-Kaap om by haar ouma te gaan bly.
Volgens Mia het haar pa na bewering gedrink.	Op haar voorgrond is die gebeure die naweek.

8.2.3.13 Verloop van sessie twaalf. Teenwoordig: Mia en Vuyokazi.

Die navorser betrek Mia by die aktiwiteit: “7de Laan,” (sien punt 6.2.2.6.). Die televisieproram “Generations” word bespreek. Die navorser het met behulp van hierdie aktiwiteit Mia se bewustheid verhoog dat sy boodskappe met behulp van haar positiewe en negatiewe eienskappe, aan ander mense uitstuur. Adolessente kan aan onbeperkte grense dink in terme van wie hulle nou is en wie hulle gaan wees (Gil, 1996:32).

Tabel 8.49: Kwalitatiewe data van sessie twaalf met Mia Koense.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Mia is mooi aangetrek en het 'n mooi hangertjie aan.	Mia identifiseer haar positiewe eienskappe as: respekteer ander se sienings, kommunikeer gevoelens, mooi, wil nie baie verhoudings hê nie.
Mia neem entoesiasies deel aan die bespreking van die karakters in Generations.	Volgens Mia dink sy dat dit reg is om te leer en om te trou as sy 21 jaar oud is. Sy dink dat dit verkeerd is om te jonk swanger te word en kêrels te hê.
Goeie energievlakke.	Mia identifiseer haar negatiewe punte as: wanneer sy drink, wanneer sy saam met stout vriende is en nie by die huis slaap nie.
	Mia noem dat sy nog nooit weer gedrink het nie vandat sy die navorser begin sien het.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Volgens Mia is daar stories versprei dat sy in die strate rondloop en haar ma het na die veiligheidsplasing gekom en gesien dat dit nie waar is nie.	Geen weerstand nie.
Sy wil nou weer terugkom na die Strand na die vakansie in die Oos-Kaap.	Op haar voorgrond is haar gedrag en dat sy dit graag wil verbeter.

8.2.3.14 Verloop van sessie dertien. Teenwoordig: Mia en Vuyokazi.

Die navorser betrek Mia by die aktiwiteit: "Positiewe denke," (sien punt 6.2.2.5.). Die navorser het met behulp van bibliospel aan Mia gedemonstreer dat selfs in moeilike situasies, daar positiewe aspekte na vore kan kom. Bibliospel betrek afstand, identifikasie en projeksie (Webb, 1999:37).

Tabel 8.50: Kwalitatiewe data van sessie dertien met Mia Koense.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Mia se hand is in 'n verband. Sy het met haar hand in 'n glas geval op die strand.	Volgens Mia gaan sy Januarie na die Oos-Kaap, haar ma het so besluit. Sy is gelukkig met haar ma se besluit.
Sy het aanvanklik "af" gelyk en het behoefte gehad dat die navorser moet erkenning gee dat haar hand seer moet wees en moet simpatiseer.	Mia noem die volgende as positiewe aspekte: haar plasing by die veiligheidsplasing, haar gedrag het verbeter, die terapie, haar verhouding met haar ma is beter en sy het nog nooit weer gedrink nie.
	Mia noem dat sy die gedrag van die ander kinders by die veiligheidsplasing soms as negatief beleef het.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND

Die navorser neem Mia na die sessie na die kliniek sodat die wond op haar hand goed skoongemaak kan word.	Geen weerstand nie.
Sy het vanjaar geslaag.	Op haar voorgrond is dat sy moontlik in Januarie in die Oos-Kaap gaan bly.

8.2.3.15 Verloop van sessie veertien. Teenwoordig: Mev. Koense en Vuyokazi.

Mev. Koense het besluit om Mia na haar grootouers in die Oos-Kaap te stuur.

Tabel 8.51 Mia Koense se huidige funksionering volgens mev. Koense.

ONDERWERPE:	GEBEURE:	IMPAK EN REAKSIE VAN DIE GEBEURE:
Gesondheidsgeskiedenis:	Na statutêre verkragting. Huidig.	Mia kla soms van hoofpyn. Geen probleme nie. Sy kla nie meer van hoofpyn nie.
Emosionele funksionering:	Na statutêre verkragting. Huidig.	Mia gee nie om vir haarself nie, sy was haarself net as iemand haar herinner. Vandat sy seksueel aktief is, praat sy van selfmoordpogings. Mev. Koense gee erkenning aan Mia se verbetering in fisiese versorging en higiëne. Sover mev. Koense se kennis strek het Mia nog nie weer gepraat oor selfmoord nie.
Interpersoonlike verhoudings:	Na statutêre verkragting. Huidig.	Verhouding met ouers was beter voor die statutêre verkragting. Mia het die verkeerde vriende en is beïnvloedbaar deur portuurgroep. Mev. Koense noem dat Mia se kommunikasie vermoë verbeter het en dat Mia met haar praat. Mia en haar ma se verhouding het al verbeter. Mev. Koense bedank PATCH en noem dat wanneer sy na Mia se vriende kyk (altyd dronk) dan dink sy dat Mia dieselfde sou gewees het as dit nie vir PATCH was nie.
Gedragsprobleme:	Na statutêre verkragting.	Sy is nie gehoorsaam nie. Sy steel geld, vertel leuens en is aggressief teenoor haar

		vriende. Mia drink en hardloop weg van die huis af.
	Huidig.	Mia is nou gehoorsaam. Sy steel nie meer geld nie of vertel nie meer leuens nie. Geen insidente waarvan sy weet waartydens Mia weer gedrink het of aggressief opgetree het nie.
Kognisie:	Na statutêre verkragting.	Geen probleme nie.
	Huidig.	Geen probleme nie.
Seksualiteit:	Na statutêre verkragting.	Mia en mev. Koense praat nie oor seksualiteitsaspekte nie.
	Huidig.	Mev. Koense is van mening dat die veiligheidsplasing voorkom het dat Mia weer seksueel aktief is. Volgens Mia was sy vanaf aanvang van terapie nog nie weer seksueel aktief nie.
Skoolprestasie:	Na statutêre verkragting.	Mev. Koense weet nie hoe Mia huidiglik presteer op skool nie en onderneem om met die onderwysers te gaan praat.
	Huidig.	Mia het geslaag. Volgens mev. Koense het sy nie verwag dat Mia so goed gaan doen nie.
Dissipline:	Na statutêre verkragting.	Mev. Koense slaan vir Mia, maar erken dat dit nie effektief was nie en dat Mia se gedrag nie verander het nie.
	Huidig.	Sy praat met Mia.
Gesinslewe:	Na statutêre verkragting.	Verhoudings met ouers het verswak. Mia se pa het Mia se ma blameer vir Mia se gedrag en dit het 'n impak op hulle verhouding gehad. Mia nou in 'n veiligheidsplasing.
	Huidig	Verhouding met ma het verbeter. Sy het besluit om Mia Oos-Kaap toe te stuur, om te kyk hoe Mia se gedrag daar in die landelike gebiede sal wees.


8.2.3.16 Kwantitatiewe data voor en na afloop van die implementering van die speltherapieprogram

Die voortoets het daarop gedui dat Mia se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente soms haar positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed. Mia se funksionering is tydens aanvang van terapeutiese dienslewering as fluktuierend beskryf. Die natoets het getoon dat Mia se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente nie haar positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed nie. Haar funksionering is tydens terminering van terapeutiese dienslewering as effektief beskryf. Mia se huidige algehele Selfpersepsiepuntetotaal (die gemiddelde van al die selfpersepsie-elemente) is huidiglik 34% en haar vorige telling tydens die voortoets was 50%. Al Mia se selfpersepsietellings het goed verbeter en is onder die aanbevole gebied, behalwe haar angstigheidtelling wat tans baie hoog is. Let veral op die verbetering in haar gebrek aan selfwaarde en gebrek aan selfgelding. Die navorser skryf haar hoë angstigheidtelling aan die volgende toe:

- Ten spyte daarvan dat Mia hard probeer het om haar gedrag te verbeter en dat daar geen verdere beweringe van drankmisbruik en seksuele verhoudings was nie, het haar ma steeds besluit om haar na die Oos-Kaap te stuur en sy sal dus ver van haar ouers en vriende af wees,
- Almal hou Mia met 'n valkoog dop vir wanneer sy dalk verkeerd optree, en haar gedrag in die verlede word teen haar gehou. Die navorser is egter van mening dat sy nie genoeg erkenning kry vir haar verbetering in gedrag nie. Gedurende die tydperk wat sy ingeskakel het vir terapie, was daar slegs een insident waartydens sy uitgeslaap het sonder toestemming, waarna haar ma haar na bewering gedreig het dat sy haar gaan doodmaak omdat sy kwaad was. Dit blyk asof mev. Koense steeds daardie insident teen Mia hou.
- Die navorser is van mening dat Mia baie hard probeer het om haar gedrag te verbeter en bang is om ander teleurstel te stel, veral haar ouers.
- Die veiligheidsouer wou gehad het dat mev. Koense 'n finansiële bydra moet lewer, en omdat mev. Koense nie dit dadelik gedoen het nie, het dit voorgekom

asof die verhouding tussen Mia en die veiligheidsouer daardeur negatief beïnvloed is.

Figuur 8.5: KFI-HOËR Profiel – Selfpersepsie




Mia se huidige algehele Trauma-Dinamikapuntetotaal (die gemiddelde van al die trauma-dinamika-elemente) is 19% en haar vorige telling tydens die voortoets was 24%. Al Mia se trauma-dinamika-totale is onder die aanbevole gebied, behalwe haar hulpeloosheid- en wantrouetelling is steeds bo die aanbevole gebied. Die navorser skryf dit aan die volgende toe:

- Soos reeds genoem probeer Mia hard om haar gedrag te verbeter en ten spyte daarvan dat daar geen verdere beweringe van drankmisbruik en seksuele verhoudings was nie, het haar ma steeds besluit om haar na die Oos-Kaap te stuur.
- Die insident waartydens die veiligheidsouers van mev. Koense verwag het om 'n finansiële bydra te lewer, het Mia hulpeloos gelaat, aangesien sy weet hulle het finansiële probleme en sy kan self niks aan die probleem doen nie.
- Soos reeds genoem hou almal vir Mia fyn dop vir wanneer sy dalk verkeerd optree, en haar gedrag in die verlede word teen haar gehou. Die navorser is

egter van mening dat sy nie genoeg erkenning kry vir haar verbetering in gedrag nie.

Figuur 8.6: KFI-HOËR Profiel – Trauma Dinamika



8.2.3.17 Integrasie van die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindinge

Die kwalitatiewe en die kwantitatiewe bevindinge komplementeer mekaar aangesien beide daarop dui dat die implementering van die spelterapieprogram Mia se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente verbeter het. Volgens mev. Koense het Mia voor terapeutiese dienslewering weggehardloop van die huis af, alkohol misbruik, leuens vertel, gesteel en seksuele verhoudings met ouer mans aangeknoop. Sy het gekla van hoofpyn en gepraat van selfmoord.

Die onderhoude met mev. Koense na afloop van dienslewering het daarop gedui dat Mia positiewe veranderinge getoon het weens die terapeutiese dienste wat gelewer is. Na afloop van dienslewering het Mia nie meer gesteel of leuens vertel nie. Sy het geslaag, haar higiëne het verbeter, sy het nie meer gekla van hoofpyn nie en sover almal se kennis strek, het sy nie weer alkohol misbruik of enige seksuele verhoudings gehad nie.

Die navorser het drie maande na terminering 'n opvolg-onderhoud met Mia gevoer ten einde die langtermynimpak van die program vas te stel. Mia het goed en gelukkig voorgekom. Sy het die navorser ingelig dat sy nie Oos-Kaap toe gegaan het nie. Sy is gesond en ervaar nie probleme met haar slaap of eetgewoontes nie. Mia het die navorser ingelig dat sy gelukkig is by die veiligheidsplasing is, dat haar ma gereeld daar vir haar kom kuier en dat sy glad nie meer die verkeerde vriende sien nie. Volgens Mia is haar verhouding met haar ma nou baie goed. Sy het nuwe vriende wat ook by die veiligheidsplasing bly en in dieselfde skool as sy is. Sy het ook nie 'n kêrel nie. Die navorser handhaaf 'n oop-deur-beleid.

Beide Mia se selfpersepsietelling en trauma-dinamika-telling het volgens die Kinderfunksioneeringsinventaris-Hoërskool-resultate verbeter. Die afleiding kan daarom gemaak word dat die kwalitatiewe en die kwantitatiewe bevindinge mekaar komplimenteer aangesien beide daarop dui dat die implementering van die speltherapieprogram Mia se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente verbeter het.

8.2.4 Biografiese inligting van gevallestudie vier: Kate Xaki

Naam van die adolessent: Kate Xaki

Kultuurgroep: Xhosa

Ouderdom: 17 jaar oud

Geslag: Vroulik

Aantal kinders in die gesin: 3

Huistaal: Xhosa

8.2.4.1 Agtergrondinligting van Kate Xaki

Kate het by haar pa in Kayelitsha gewoon en het in 1989 saam met haar ma na die Strand getrek. Sy woon huidiglik by haar ouma en uitgebreide familie in 'n huis. Haar ma bly nie ver van haar af nie. Hulle sien mekaar egter min omdat haar ma aandskof werk en sy bedags skool gaan. Die aand van die voorval was Kate by 'n klasmaat se partytjie. Hulle het gedrink en was onder die invloed van alkohol. Volgens Kate wou sy gaan slaap het en 'n seun het 'n huissleutel vir haar en 'n vriendin gegee. Sy het wakker geword en gevoel dat 'n seun tussen haar en haar vriendin kom lê het. Hy het haar verkrag terwyl haar vriendin vas geslaap het. Die seun wat die sleutel vir haar gegee het, het ingekom en haar ook verkrag. Haar vriendin het wakker geword. Hulle het huis toe gegaan en sy het vir haar ouma vertel wat gebeur het.

8.2.4.2 Impak van die beweerde verkragting op Kate volgens die onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met mev. Xaki.

Mev. Xaki het skriftelike toestemming vir Kate se deelname aan die navorsing gegee.

Tabel 8.52: Agtergrondgeskiedenis van Kate Xaki.

ONDERWERPE:	GEBEURE:	IMPAK EN REAKSIE VAN DIE GEBEURE:
Ontwikkelingsgeskiedenis:	Swangerskap onbeplan.	Moeder was nie bly oor die swangerskap nie. Sy en Kate se pa het tydens haar swangerskap baie baklei.
	Geboorte: Normaal.	Alles suksesvol.
	Ontwikkeling normaal.	Ontwikkelingsmylpale bereik. Geen trauma gebeure of ongelukke voorheen nie.
	Ouers breek op.	Kate aanvanklike ongelukkig daarvoor.
Gesondheidsgeskiedenis:	Geboorte tot verkragting.	Met TB gediagnoseer toe sy nog baie jonk was. Geen verdere ernstige siektes nie.
	Na verkragting.	Gesond. Kla soms van hoofpyn. Haar slaappatroon is beïnvloed, sy sukkel om te slaap.
Emosionele funksionering:	Voor verkragting.	Geen probleme nie.
	Na verkragting.	Skuldgevoelens.
Interpersoonlike verhoudings:	Voor verkragting.	Geen probleme nie.
	Na verkragting.	Geen huidige probleme nie.
Gedragsprobleme:	Voor verkragting.	Baklei baie met suster.
	Na verkragting.	Gehoorsaam. Drink slegs op spesiale dae soos Kersdag.
Kognisie:	Voor verkragting.	Geen probleme nie.
	Na verkragting.	Nagmerries.
Seksualiteit:	Voor en na verkragting.	Sy praat nie met Kate oor seksualiteitsaspekte nie.
Skoolprestasie:	Voor verkragting.	Geen probleme nie.
	Na verkragting.	Beweerde oortreder is in dieselfde klas as Kate.
Voorval inligting:	Die verkragting.	Volgens mev. Xaki was sy geskok oor die voorval en het dit aangemeld by die polisie.
Dissipline:	Voor en na verkragting.	Ontneem voorregte wanneer sy vir Kate straf.
Gesinslewe:	Voor verkragting.	Geen geskiedenis van seksuele misbruik in hulle familie nie.
	Na verkragting.	Kate se verhoudings met pa en ouma is goed. Ma en

		ouma versorg vir Kate. Kate se ouers kom nie oor die weg nie, maar Kate is baie lief vir haar pa.
--	--	---

8.2.4.3 Verloop van sessie een. Teenwoordig: Kate en Vuyokazi.

Kate het die inligting van die voorval neergeskryf tydens haar eerste ontmoeting met die Xhosa maatskaplike werker, Vuyokazi, by die hospitaal. Die navorser verduidelik die doel van die navorsing aan Kate. Sy stem in dat Vuyokazi kan insit tydens die sessies en die navorser verduidelik dat dit haar keuse is of sy Engels of Xhosa wil praat. Die navorser betrek Kate by die aktiwiteit: “Die lewenslyn,” (sien punt 6.2.1.1.). Met behulp van die lewenslyn het die navorser agtergrondinligting by Kate ingesamel asook belangstelling in haar kultuur begin toon. Kultuur kan volgens Swartz (2002:7) gesien word as die proses van wees en wording van ‘n sosiale wese, oor die reëls van ‘n samelewing en die maniere waarop dit voorgeskryf, ervaar en oorgedra word.

Tabel 8.53: Kwalitatiewe data van sessie een met Kate Xaki.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Sy dui met ‘n kruisie aan op die lewenslyn dat die kere wat sy moes gaan bly het by haar ma nie lekker was nie, want sy wou by haar pa bly.	Volgens Kate is sy gebore in die Oos-Kaap en het op driejarige ouderdom by haar pa in Kayelitsha gaan bly.
Sy dui ook aan met ‘n kruisie dat 16 nie ‘n goeie jaar was nie. Sy verduidelik dat sy begin drink het en dat dit nie reg is om te drink nie en dat mense dan baklei en die verkeerde goed doen.	Op vyfjarige ouderdom moes sy weer by haar ma gaan bly het al wou sy nie, omdat haar ouers baklei het oor haar. Op sewejarige ouderdom het sy in die helfte van die jaar teruggegaan na haar pa, skool verander en was toe daar op skool.
	Op agtjarige ouderdom het haar pa getrek en sy moes weer van skool verwissel.
	Op negejarige ouderdom het sy weer by haar ma gaan bly in die Strand en moes weer van skool verwissel. Op 12 jarige ouderdom is haar ouma oorlede.
	Sy noem dat sy probleme ervaar om te slaap.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Sy en haar pa het ‘n goeie verhouding.	Op haar voorgrond is al die kere wat sy moes verhuis tussen haar ma en pa.
Sy en haar ma se verhouding is nou goed.	Geen weerstand nie.

8.2.4.4 Verloop van sessie twee. Teenwoordig: Kate en Vuyokazi.

Die navorser betrek Kate by die aktiwiteit: “My liggaamgevoelens,” (sien punt 6.2.1.5.). Kate noem dat sy gelukkig is wanneer sy saam met haar vriende is. Volgens Louw, 1997:518) word adolessente se sosiale gedrag gekarakteriseer deur ‘n verhoogde belangstelling en betrokkenheid by hulle portuurgroep.

Tabel 8.54: Kwalitatiewe data van sessie twee met Kate Xaki.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Kate kom stillerig voor. Sy het net voor die sessie opgestaan na ‘n middagslapie.	Volgens Kate voel sy gelukkig wanneer sy saam met haar vriende by die skool is, by haar pa in Kayelitsha is en as sy netbal speel.
Sy werk baie netjies en presies en kleur die ligaamskaart mooi en sorgvuldig in.	Volgens Kate het sy nie hartseergevoelens nie. Sy noem dat sy kwaad word as iemand op haar skree. Volgens Kate is sy bang vir die hof en die stigma.
Sy gee baie goeie samewerking. Netjies aangetrek.	Sy noem dat sy skuldig voel omdat sy gedrink het en in die aand geloop het. Sy noem dat sy nie meer drink of in die aand loop vanaf die voorval nie.
	Volgens Kate is sy bekommerd oor die hofsak en om die beweerde oortreders in die gesig te kyk. Sy is spyt dat die een beweerde oortreder in haar klas is en weens vakkeuses kan sy nie van klas verwissel nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Die een beweerde oortreder is in haar klas.	Die voorval is op Kate se voorgrond. Geen weerstand nie.

8.2.4.5 Verloop van sessie drie. Teenwoordig: Kate en Vuyokazi.

Die navorser betrek Kate by die aktiwiteit: “Reaksies van belangrike persone,” (sien punt 6.2.2.1.). Een van die grootste vrese wat adolessenteslagoffers van seksuele misbruik kan ervaar, is om hulle ouers daarvan te vertel (Benedict, 1994:190). Kate het egter dadelik die seksuele misbruik teenoor haar ouma onthul.

Tabel 8.55: Kwalitatiewe data van sessie drie met Kate Xaki.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Sy teken in op die gevoelgesiggie dat sy gelukkig voel oor haar ouma se reaksie.	Volgens Kate het sy haar ouma eerste vertel, haar ouma was ondersteunend en het haar geglo. Haar ouma het na die beweerde

	oortreder se huis gegaan, hulle was nie daar nie en toe het sy na die polisiestasie gegaan.
Sy teken in op die gevoelgesiggie dat sy gelukkig voel oor haar ma se reaksie.	Volgens Kate het haar ouma haar ma ingelig. Haar ma het dit geglo en het saam met Kate na die polisiestasie en die hospitaal gegaan.
Kate is in 'n ligte gemoedstoestand en is mooi aangetrek. Sy verbreek soms oogkontak.	Sy noem dat haar ma en ouma haar gewaarsku het om nie in die aande te loop en na partytjies te gaan nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Haar ma en ouma was ondersteunend na die voorval.	Op Kate se voorgrond is die reaksies van haar ma en ouma na onthulling. Geen weerstand nie.

8.2.4.6 Verloop van sessie vier. Teenwoordig: Kate en Vuyokazi.

Die navorser betrek Kate by die aktiwiteite: “My naam” en “Onvoltooide sinne,” (sien punt 6.2.3.3. en 6.2.3.4.). Kate toon weerstand om te praat oor haar en haar ma se verhouding. Navorsingsresultate van De Kock (1995:28) het bevind dat Xhosa-sprekende adolessente se voorkeur tydens konflikoplossingsstrategieë: “vermyding,” “integrasie,” “samerwerking,” en “skikking” was. Die navorser het daarom nie druk op Kate geplaas om te praat oor haar verhouding met haar ma nie.

Tabel 8.56: Kwalitatiewe data van sessie vier met Kate Xaki.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Kate is in 'n ligte gemoedstoestand en kom vrolik voor.	Sy noem dat haar pa baie lief is vir haar. Sy noem dat sy weet dat sy 'n sukses van haar studies kan maak.
Sy lag en deel humoristies haar ervarings.	Volgens Kate hou sy nie daarvan as mense skinder of ander terg nie.
Sy bly lank stil oor die onvoltooide sin oor haar ma en sug, en daarna noem sy dat haar ma haar skoolfooie betaal.	Volgens Kate sou sy die navorser “Thandokazi” genoem het, wat beteken “groot liefde.”
Sy is mooi aangetrek. Kate voltooi die onvoltooide sinne teen 'n goeie pas. Sy skryf onder andere dat sy slaap wanneer sy alleen voel.	Volgens Kate beteken haar Xhosa-naam: “Om stil te wees.” Sy lag en noem dat kinders met dieselfde naam as sy by die skool, stout is.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Sy gaan na haar pa vir die vakansie, volgens Kate is hy baie lief vir haar.	Die eksamen en haar studies is op haar voorgrond.
Kate het 'n goeie verhouding met haar tante.	Weerstand om te praat oor haar en haar ma se verhouding.

8.2.4.7 Verloop van sessie vyf. Teenwoordig: Kate en Vuyokazi.

Die navorser betrek Kate by bespreking van die aktiwiteit: “Vertroue,” (sien punt 6.2.4.2.). Alhoewel individue as ‘n geheel funksioneer, kan hulle nie sonder die omgewing oorleef nie, omdat hulle die omgewing benodig om hulle behoeftes te bevredig. Gedurende terapie moet die adolessent dus gelei word om bewus te wees van haar ervarings ten opsigte van al die komponente ten einde te oorleef, nie as ‘n gefragmenteerde geheel nie, maar eerder as ‘n geïntegreerde geheel. (Vergelyk Papalia, 1985:560; Yontef, 1993:84.)

Tabel 8.57: Kwalitatiewe data van sessie vyf met Kate Xaki.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Kate is in ‘n ligte gemoedstoestand en is mooi aangetrek.	Volgens Kate beteken vertroue vir haar “eerlikheid” en dat jy jou geheime met daardie persoon kan deel.
Sy verbreek oogkontak en kyk af toe sy praat oor die beweerde oortreders. Sy lyk op daardie oomblik hartseer.	Sy vertel dat sy twee vriendinne het wat sy nie vertrou nie omdat een stories opmaak en die ander een kan nie ‘n geheim hou nie.
	Sy vertel die navorser dat sy uit was saam met haar vriende, maar sy het haar ma voor die tyd ingelig, het nie alleen geloop nie en was op tyd weer by die huis.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Volgens Kate vertrou sy drie vriendinne van haar.	Geen weerstand nie.
Sy noem dat sy en een vriendin al lank vriendinne is, die ander een hou hulle geheime en die ander vriendin luister na haar probleme.	Die bespreking oor vertroue is op haar voorgrond.

8.2.4.8 Verloop van sessie ses. Teenwoordig: Kate en Vuyokazi.

Die navorser neem Kate na die landdroshof en betrek haar by die aktiwiteit: “Hofvoorbereiding, (sien punt 6.2.2.7.). Om getuie af te lê, is ‘n stresvolle ervaring vir die adolessent wat seksueel misbruik is (Müller, 2000a:68).

Tabel 8.58: Kwalitatiewe data van sessie ses met Kate Xaki.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Kate is in ‘n ligte gemoedstoestand en is mooi aangetrek.	Sy noem dat sy bekommerd voel oor die hofsak en bekommerd is dat sy dinge kan vergeet tydens die kruisondervraging.

Sy maak voldoende oogkontak. Kate neem deel aan rolspel en vertolk die rol van die staatsaanklaer. Sy geniet dit en neem aktief deel.	Na afloop van die hofvoorbereiding het Kate genoem dat sy nou beter oor die hofsak voel.
Kate kom aanvanklik bietjie op haar senuwees voor by die hof, maar ontspan later.	Kate noem dat sy makliker sal getuig in die kindervriendelike kamer aangesien sy nie die beweerde oortreders dan sal sien nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Kate besoek die hof vandag.	Haar voorgrondbehoefte is om hofvoorberei te word. Geen weerstand nie.

8.2.4.9 Verloop van sessie sewe. Teenwoordig: Kate en Vuyokazi.

Kate het vir twee afsprake nie opgedaag nie. Die navorser het bewus geword dat haar buitemuurse aktiwiteite tans vir haar prioriteit is en dat sy gereed word om te termineer. Die navorser het besluit om 'n onderhoud aan die hand van die ondershoudskedule weer met haar moeder te voer, ten einde te bepaal wat haar opinie oor Kate se huidige funksionering en moontlikheid van terminering is. Die navorser betrek Kate by die aktiwiteit: "Sintuie van my liggaam," (sien punt 6.2.2.3.). Die navorser het met behulp van hierdie aktiwiteit Kate se bewustheid van die inligting wat sy met behulp van haar sintuie ontvang, verhoog. Bewustheid is die proses van erkenning en waarneming van wat die persoon doen, voel, dink asook wat haar liggaamsensasies is. (Vergelyk Passons, 1975:47; O'Leary, 1998:13.) Die navorser het die moontlikheid van terminering en 'n oop-deur-beleid met haar bespreek.

Tabel 8.59: Kwalitatiewe data van sessie sewe met Kate Xaki.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Kate is baie mooi aangetrek en haar hare is mooi geveg.	Volgens Kate het sy alkohol tydens die voorval geruik.
Sy het gegaap en was aanvanklik moeg, maar het later gelag en vrolik voorgekom.	Sy noem dat sy die beweerde oortreder se lippe gevoel het en hoe hy aan haar gesig vat.
Sy het goeie aandag gegee en het aktief deelgeneem aan die aktiwiteite.	Volgens Kate was sy bang gewees toe sy die inligting met haar sintuie ontvang.
Sy het die aktiwiteite om die gebruik van haar sintuie te toets geniet en bemeester.	Sy noem die volgende positiewe inligting wat sy met behulp van haar sintuie ontvang het: Sy het 'n lekker partytjie gehad met haar neef se besnyding, sy het gehoor hoe haar onderwyser vir haar sê haar huiswerk is mooi, sy het lekker kos by die huis geruik en lekker vleis geproe en haar ma het vir haar 'n drukkie gegee.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Sy kan nie 'n rede vir die navorser gee waarom sy nog nie weer by haar pa was nie.	Die bespreking van die aktiwiteite is op haar voorgrond.

	Weerstand om te verduidelik waarom sy nog nie weer by haar pa was nie.
--	--

8.2.4.10 Verloop van sessie agt. Teenwoordig: Mev. Koense.

Aangesien mev. Xaki skofte werk en die navorser en sy nie 'n tyd kon kry waarop sy en die navorser beskikbaar was nie, het die Xhosa maatskaplike werker, Vuyokazi, ingestem om die onderhoude aan die hand van die onderhoudskedule met mev. Xaki te voer en die navorser van volledige verslae te voorsien.

Tabel 8.60: Kate Xaki se huidige funksionering volgens mev. Xaki.

ONDERWERPE:	GEBEURE:	IMPAK EN REAKSIE VAN DIE GEBEURE:
Gesondheidsgeskiedenis:	Na verkragting.	Gesond. Kla soms van hoofpyn. Haar slaappatroon is beïnvloed, sy sukkel om te slaap.
	Huidig.	Slaappatroon nou normaal. Kry soms hoofpyn.
Emosionele funksionering:	Na verkragting.	Skuldgevoelens.
	Huidig.	Nie meer skuldgevoelens nie. Volgens mev. Xaki lyk dit of Kate vergeet het wat met haar gebeur het.
Interpersoonlike verhoudings:	Na verkragting.	Niemand het genoem dat daar probleme is nie, alhoewel die navorser tydens terapie kon waarneem dat Kate weerstand toon om oor haar en haar ma se verhouding te praat.
	Huidig.	Mev. Xaki weet daar is een vriendin wat Kate vertrou. Mev. Xaki erken dat sy en Kate baie baklei. Kate het 'n goeie verhouding met haar tante en praat met haar oor probleme.
Gedragsprobleme:	Na verkragting.	Gehoorsaam. Drink slegs op spesiale dae soos Kersdag.
	Huidig.	Sy is altyd by die huis en help haar ouma. Sy drink nie, gaan na 'n plek en kom huis toe, lê nie leeg in strate nie.
Kognisie:	Na verkragting.	Nagmerries.
	Huidig.	Geen probleme nie.
Seksualiteit:	Na verkragting.	Sy praat nie met Kate oor

		seksualiteitsaspekte nie.
	Huidig.	Sy het 'n kêrel. Kate en mev. Xaki praat nie oor seksuele aspekte nie.
Skoolprestasie:	Na verkragting.	Beweerde oortreder is in dieselfde klas as Kate.
	Huidig.	Geen probleem nie, skoolwerke en bywoning is goed. Sy het nie Junie 'n rapport gekry nie weens agterstallige skoolfooie.
Dissipline:	Na verkragting en huidig.	Mev. Xaki erken dat sy op Kate skree wanneer sy iets verkeerd doen en dat dit nie effektief is nie.
Gesinslewe:	Na verkragting.	Kate se verhoudings met pa en ouma is goed. Ma en ouma versorg vir Kate. Kate se ouers kom nie met mekaar oor die weg nie, maar Kate is baie lief vir haar pa.
	Huidig	Kate het 'n goeie verhouding met haar ouma by wie sy bly. Haar verhouding met haar ma is nie so goed nie.

8.2.4.11 Verloop van sessie nege en tien. Teenwoordig: Kate en Vuyokazi.

Aangesien die onderhoud met mev. Xaki daarop dui dat daar geen huidige probleme met Kate se funksionering is nie en omdat Kate eerder haar buitemuurse aktiwiteite bywoon as haar terapisessies, het die navorser besluit om die natoets te doen. Sodoende kan die navorser Kate se vordering en gereedheid vir terminering bepaal. Volgens Geldard & Geldard (1999:83) is dit 'n aanduiding dat die kind reg is vir terminering wanneer die kind betrokke geraak het en aktief deelneem aan sosiale aktiwiteite en eerder dit bywoon as haar terapisessies. Die navorser het ook ondervind dat indien die natoets te laat uitgestel word, die terapie inmeng met Kate se buitemuurse aktiwiteite en sy nie meer behoefte het aan die bywoning van sessies nie, sy dalk later net kan wegbly en 'n natoets nie gedoen kan word nie. Die navorser het egter aan Kate verduidelik dat sy steeds sessies kan bywoon na afloop van die natoets. Kate voltooi die Kinderfunisioneringsinventaris-Hoërskool. Kate is mooi aangetrek en in 'n ligte gemoedstoestand. Die navorser gee tydens sessie tien terugvoer ten opsigte van haar navorsingsresultate. Volgens Kate is daar geen huidige

probleme waaraan sy voel die navorser en sy moet aandag gee nie. Volgens Kate het sy baie skoolwerk, alhoewel hulle nie nou toetse skryf nie.

8.2.4.12 Verloop van sessie elf. Teenwoordig: Kate en Vuyokazi.

Die navorser betrek Kate by die aktiwiteit: “Positiewe denke,” (sien punt 6.2.2.5.). Die navorser sluit die sessie af deur Kate te betrek by die bordspeletjie, (sien punt 6.2.6.1.). Volgens Van der Merwe (1996b:98) is dit moontlik om die adolessent se denke, gevoelens en gedrag, verbale vaardighede, aandagspan, persepsie, liggaamstaal, vermoë om gevoelens uit te druk en ontwikkelingsvlak met bordspeletjies waar te neem.

Tabel 8.61: Kwalitatiewe data van sessie elf met Kate Xaki.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Kate is in 'n ligte gemoedstoestand en is mooi aangetrek.	Kate identifiseer die negatiewe aspek na onthulling as wanneer sy die beweerde oortreders sien by die skool en sleg voel.
Goeie energievlakke.	Sy noem dat sy die beweerde oortreders ignoreer.
Kate dink lank voordat sy die positiewe en negatiewe aspeke identifiseer. Sy lag, vertel en demonstreer hoe haar ma lyk wanneer sy kwaad word.	Sy identifiseer die positiewe na onthulling as die ondersteuning wat sy by haar vriende, navorser en familie ontvang het, asook haar eie houding en dat sy nie meer te veel drink nie.
	Kate sê tydens die bordspel dat sy mooi is, dat sy nie glo in geheime nie en dat sy eerder haar ouers se toestemming sal vra as sy iets wil doen. Volgens Kate word sy kwaad as haar ma op haar skree.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Sy gaan nie die vakansie na haar pa nie.	Sy toon weerstand om te verduidelik waarom sy nie meer na haar pa gaan vir die vakansie nie.
Sy identifiseer die positiewe na onthulling as die ondersteuning wat sy by haar ma, navorser en vriende ontvang het.	Die bordspel en aktiwiteite is op haar voorgrond.

8.2.4.13 Verloop van sessie twaalf. Teenwoordig: Kate en Jackie (tolk).

Die navorser betrek Kate by die aktiwiteit: “Die vyf liefdestale,” (sien punt 6.2.5.3.). Kate het bewus geword tydens hierdie aktiwiteit dat haar primêre liefdestale fisiese aanraking en geskenke is. Die doel van gestaltterapie is om die individu in staat te

stel om kennis en bewustheid van die self te verkry terwyl die individu na integrasie vorder (Georg & Stridde-Cristiani, 1981:72).

Tabel 8.62: Kwalitatiewe data van sessie twaalf met Kate Xaki.


NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Kate is mooi aangetrek. Sy luister met aandag en toon belangstelling in die aktiwiteit.	Sy identifiseer haar primêre liefdestaal as “fisiese aanraking” en “geskenke.”
Sy kom op haar gemak voor en in ‘n ligte gemoedstoestand. Sy lag en toon relevante humor. Sy deurdink dit goed voordat sy haar ma se liefdestale identifiseer.	Volgens Kate gaan sy dit wat sy vandag geleer het probeer toepas ten einde ander sodoende gelukkig te maak en verhoudings met ander te verbeter.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Kate weet dat sy ten alle tye die navorser, hulpmaatskaplike werker of Xhosa maatskaplike werker kan nader indien sy ‘n probleem ervaar.	Geen weerstand nie. Die bespreking van die aktiwiteit is op haar voorgrond.

8.2.4.14 Kwantitatiewe data voor en na afloop van die implementering van die spelterapieprogram

Die voortoets en natoets het daarop getoon dat Kate se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente nie haar positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed nie. Haar funksionering is tydens terminering van terapeutiese dienslewering as effektief beskryf.

Kate se huidige algehele Selfpersepsiepuntetotaal (die gemiddelde van al die selfpersepsie-elemente) is huidiglik 18% en haar vorige telling tydens die voortoets was 31%. Die aanbevole gebied is ‘n totaal van minder as 30%. Kate se selfpersepsietellings het goed verbeter. Haar angstigheiddtelling het goed verbeter maar is nog in die waarskuwingsarea. Die navorser skryf dit aan die volgende toe:


- Die een beweerde oortreder is in dieselfde klas as Kate,
- Die hofsak is nog hangend en sy moet nog gaan getuig,
- Die verhouding tussen Kate se ouers is nie goed nie,
- Die area waarin Kate bly se geweldsyfer is hoog.

Figuur 8.7: KFI-HOËR Profiel – Selfpersepsie

Kate se huidige algehele Trauma-Dinamikapuntetotaal (die gemiddelde van al die trauma-dinamika-elemente) is 19% en haar vorige telling tydens die voortoets was 19%. Die aanbevole gebied is 'n totaal van minder as 30%.

Al Kate se trauma-dinamika totale is onder die aanbevole gebied, behalwe haar hulpeloosheid- en houding-teenoor-volwassenes-telling is net bo die aanbevole gebied en dui op 'n waarskuwingsarea. Die navorser skryf dit aan die volgende toe:

- Die beweerde oortreder is in haar klas en sy kon nie van klas verander nie (hulpeloosheid),
- Die tydperk vanaf aanmelding tot die hofsaak kan lank duur, die hofsaak moet nog voorkom en sy moet nog in die saak getuig (hulpeloosheid),
- Haar ouers het nie 'n goeie verhouding nie en sy kan dit nie verander nie (hulpeloosheid en houding-teenoor-volwassenes).

Figuur 8.8: KFI-HOËR Profiel – Trauma Dinamika

8.2.4.15 Integrasie van die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindinge

Die kwalitatiewe en die kwantitatiewe bevindinge komplimenteer mekaar aangesien beide daarop dui dat die implementering van die spelterapiëprogram Kate se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente verbeter het. Volgens mev. Xaki het Kate voor terapeutiese dienslewering skuldgevoelens ervaar, haar slaappatroon was beïnvloed en sy het nagmerries gekry. Kate was aanvanklik stillerig tydens sessies en het soms oogkontak verbreek.

Die onderhoude met mev. Xaki na afloop van dienslewering het daarop gedui dat Kate positiewe veranderinge getoon het weens die terapeutiese dienste wat gelewer is. Na afloop van dienslewering het Kate volgens mev. Xaki nie meer skuldgevoelens ervaar nie en lyk dit vir haar of Kate vergeet het wat met haar gebeur het. Sy het geen verdere kommer oor Kate se gedrag uitgespreek nie. Ten tye van terminering het Kate vir die navorser selfversekerd en op haar gemak voorgekom. Sy het voldoende oogkontak gemaak, versorg haarself baie goed en trek altyd mooi aan.

Kate se selfpersepsietelling het verbeter en haar trauma-dinamika-telling is volgens die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool onveranderd, beide is onder die

aanbevole gebied. Die afleiding kan daarom gemaak word dat die kwalitatiewe en die kwantitatiewe bevindinge mekaar komplimenteer aangesien beide daarop dui dat die implementering van die spelterapieprogram Kate se selfpersepsie-elemente en trauma-dinamika-elemente verbeter het.

Die navorser het drie maande na terminering opgevolg hoe dit met Kate gaan ten einde die langtermyn impak van die program vas te stel. Beide Kate en mev. Xaki was dit eens dat dit goed gaan met Kate. Die navorser handhaaf 'n oop-deur beleid.

8.2.5 Biografiese inligting van gevallestudie vyf: Adri Samuals

Naam van die adolessent: Adri Samuals

Kultuurgroep: Xhosa

Ouderdom: 14 jaar oud

Geslag: Vroulik

Aantal kinders in die gesin: 4

Huistaal: Xhosa

8.2.5.1 Agtergrondinligting van Adri Samuals

Adri is in die Oos-Kaap gebore en op tweejarige ouderdom het sy saam met haar ma na Kaapstad verhuis. Op vierjarige ouderdom het sy by haar tante in die Oos-Kaap gaan bly; haar ma het in Kaapstad gewerk. Op agtjarige ouderdom het sy by haar oom in Kayelitsha gaan bly en op negejarige ouderdom het sy by haar ma in die Strand kom woon. Volgens mev. Samuals het sy nooit probleme ervaar met Adri nie, maar noudat sy 'n tiener is, luister sy nie. Adri en 'n vriendin, Mandy, het die aand van die voorval televisie by 'n ander vriendin gaan kyk. Op pad terug het hulle vier seuns gekry. Die seuns het hulle na bewering forseer om saam met hulle na 'n huis te gaan. Mandy is na bewering deur twee van die seuns verkrag en Adri het aanvanklik beweer dat sy deur een seun verkrag is. Mandy was saam met Adri tydens die voorval, (sien ook gevallestudie twee). Adri het later erken dat sy toestemming gegee het, dat die beweerde oortreder haar kêrel is en dat sy nie verkrag was nie, alhoewel sy steeds onder ouderdom is en nie ingeligte toestemming kan gee nie. Mandy is egter deur twee beweerde oortreders verkrag en het nie toestemming gegee nie.

8.2.5.2 Impak van die beweerde verkragting op Adri volgens die onderhoud aan die hand van die onderhoudskedule met mev. Samuals.

Mev. Samuals gee skriftelike toestemming vir Adri se deelname aan die navorsing. Die Xhosa maatskaplike werker, Vuyokazi Ngalwa, het die onderhoud met mev. Samuals gevoer omdat Mev. Samuals skofte gewerk het.

Tabel 8.63: Agtergrondgeskiedenis van Adri Samuals.

ONDERWERPE:	GEBEURE:	IMPAK EN REAKSIE VAN DIE GEBEURE:
Ontwikkelingsgeskiedenis:	Swangerskap onbeplan.	Moeder was nie bly oor die swangerskap nie.
	Geboorte: Normaal.	Alles suksesvol.
	Ontwikkeling normaal.	Ontwikkelingsmylpale bereik. Geen trauma-gebeure of ongelukke voorheen nie. Nooit probleme ondervind nie, maar nou dat sy 'n adolessent is, luister sy nie.
Gesondheidsgeskiedenis:	Geboorte tot verkragting.	Adri het dubbele longonsteking gehad.
	Na verkragting.	Hoofpyn na voorval.
Emosionele funksionering:	Na verkragting.	Aggressie, niemand moet aan haar goed vat nie.
Interpersoonlike verhoudings:	Voor verkragting.	Drie vriende gehad, vriendskappe verbreek en toe weer vriende geword.
	Na verkragting.	Van mening dat Adri en vriende mekaar beïnvloed. Adri kom laat in.
Gedragsprobleme:	Voor verkragting.	Luister nie vanaf adolessensie.
	Na verkragting.	Aggressief. Adri hou daarvan om uit te gaan saam met vriende. Sy vermoed Adri drink.
Kognisie:	Voor verkragting.	Geen probleme nie.
	Na verkragting.	Geen probleme nie.
Seksualiteit:	Voor en na verkragting.	Adri praat nie oor seksualiteit of kêrels met haar ma nie.
Skoolprestasie:	Voor verkragting.	Vanaf graad een was rapporte en skoolbywoning goed.
	Na verkragting.	Adri het nie eers haar rapport gaan haal nie.
Voorval inligting:	Die verkragting.	Volgens mev. Samuals het die beweerde oortreder vir Adri gedwing om sy meisie te wees.

Dissipline:	Voor en na verkragting.	Volgens mev. Samuals probeer sy hard om Adri te dissiplineer.
Gesinslewe:	Voor verkragting.	Familielid is al voorheen seksueel misbruik.
	Na verkragting.	Adri se pa is oorlede. Adri wil nie met haar ma praat oor seksuele aspekte nie.

8.2.5.3 Verloop van sessie een. Teenwoordig: Adri en Vuyokazi.

Adri het die inligting van die voorval neergeskryf tydens haar eerste ontmoeting met die Xhosa maatskaplike werker, Vuyokazi, by die hospitaal. Adri stem in dat Vuyokazi kan insit tydens die sessies en die navorser verduidelik dat dit haar keuse is of sy Engels of Xhosa wil praat. Die navorser betrek Adri by die aktiwiteit: “Die lewenslyn,” (sien punt 6.2.1.1.). Met behulp van die lewenslyn het die navorser agtergrondinligting by Adri ingesamel asook belangstelling in haar kultuur begin toon.

Tabel 8.64: Kwalitatiewe data van sessie een met Adri Samuals.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Adri is mooi aangetrek en haar hare is netjies gevleg.	Volgens Adri is sy in die Oos-Kaap gebore en op tweejarige ouderdom het sy en haar ma na Kaapstad verhuis.
Sy kom skamerig voor en maak af-en-toe oogkontak.	Op vierjarige ouderdom het sy by haar tante in die Oos Kaap gaan bly.
Adri het verlig voorgekom dat sy nie vandag oor die voorval hoef te praat nie en dat sy in beheer was van watter inligting sy vandag deel.	Op vyfjarige ouderdom was sy blommemeisie toe haar tante getrou het. Die blommemeisies trek in die Xhosa-kultuur ook wit aan soos die bruid.
Adri se stem is sag, goeie energievlakke.	Op ses jarige ouderdom het sy skool gegaan in Mmtata. Haar ma het in Kaapstad gewerk en soms vir haar klere gebring.
Adri het gemaklik voorgekom, dog het dit gelyk asof sy nog die situasie uitkyk.	Op agt jarige ouderdom het sy by haar oom in Kayelitsha gaan bly en op negejarige ouderdom het sy by haar ma in die Strand kom bly.
Weerstand om oor voorval te praat. Verbreek oogkontak en liggaam trek terug. Kom sag dog selfversekerd voor.	Op 13 jarige ouderdom het haar oom van Gauteng gesterf en is in die Oos-Kaap begrawe. Sy het vir die eerste keer weer haar familie gesien wat vir haar gesê het dat sy vet geword het.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Twee vriendinne het saamgekom.	Weerstand om vandag oor voorval te praat.
	Op Adri se voorgrond is haar lewensgeskiedenis en waar sy op verskillende ouderdomme gebly het.

8.2.5.4 Verloop van sessie twee. Teenwoordig: Adri en Vuyokazi.

Adri voltooi die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool, waarna die navorser haar betrek by die aktiwiteit: "My liggaamgevoelens," (sien punt 6.2.1.5.). Volgens Webb (1999:41) sluit die funksies van die spelterapeut die volgende in, naamlik: ontwikkel 'n terapeutiese verhouding, help die adolessent met begrip, verbind begrip met gevoelens, verminder problematiese gevoelens en vind meer aanvaarbare maniere om gevoelens uit te druk.

Tabel 8.65: Kwalitatiewe data van sessie twee met Adri Samuals.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
In skoolklere geklee. Groet vriendelik.	Volgens Adri is sy gelukkig wanneer sy by haar ma en vriende is of na 'n party gaan.
Adri kom moeg voor en energievlakke laag, moontlik omdat hulle huidig eksamen skryf. Oë is half tranerig.	Adri noem dat sy kwaad was oor 'n argument met haar vriende. Sy verkies om nie te praat waaroor hulle geargumenteer het nie. Sy noem dat sy ook kwaad is vir die beweerde oortreders wat sê: "...daar gaan die mense wat ons in die tronk wil hê," wanneer hulle haar sien.
Adri bly lank stil en staar voor haar uit toe sy moet verduidelik waaroor sy hartseer voel	Sy voel skuldig omdat haar broer en suster geargumenteer het, sy het betrokke geraak en goed gesê wat sy nie moes sê nie.
Goeie samewerking gegee.	Sy noem dat sy bang is vir die eksamen en bekommerd is dat sy nie gaan deurkom nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Adri se pa is oorlede. Haar ma het 'n saamleefmaat.	Weerstand om te praat oor die voorval en waaroor sy hartseer voel.

8.2.5.5 Verloop van sessie drie. Teenwoordig: Adri en Vuyokazi.

Die navorser betrek Adri by die aktiwiteit: "Reaksies van belangrike persone," (sien punt 6.2.2.1.).

Tabel 8.66: Kwalitatiewe data van sessie drie met Adri Samuals.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Adri is mooi aangetrek. Kom meer selfversekerd voor as voorheen. Sy kyk af wanneer sy nie gereed voel om oor iets te praat nie.	Volgens Adri het haar vriendin se oom dadelik geglo wat met haar en haar vriendin gebeur het. Hy was geskok en kwaad. Hy het iemand gevra om die polisie te bel.
Adri teken in die gevoelgesiggie dat sy gelukkig voel oor haar vriendin se oom en die	Volgens Adri het haar ma haar nie dadelik geglo nie en het gesê dat dit haar skuld was,

Xhosa maatskaplike werker se aanvanklike reaksie na onthulling. Sy teken dat sy hartseer gevoel het oor haar ma se aanvanklike reaksie.	omdat hulle nie veronderstel was om daardie tyd van die nag steeds uit te wees nie. Volgens Adri het sy 'n goeie verhouding met haar ma. Tydens leë-stoeltegniek spreek Adri die wens uit dat sy meer ondersteuning van haar ma benodig en bedank haar ma dat haar ma vir haar beskerm.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Adri se vriendin se oom het hulle geglo.	Weerstand om oor voorval te praat.
Volgens Adri het sy 'n goeie verhouding met haar ma ten spyte van haar ma se aanvanklike reaksie.	Op haar voorgrond is die mense se aanvanklike reaksies na onthulling.

8.2.5.6 Verloop van sessie vier. Teenwoordig: Adri en Vuyokazi.

Die navorser betrek Adri by die aktiwiteite: "My naam," "Gunstelingdinge" en "Kom ons maak ballonne van stene in ons lewe," (sien punt 6.2.3.2., 6.2.3.3 en 6.2.2.4.).

Tabel 8.67: Kwalitatiewe data van sessie vier met Adri Samuals.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Adri kom onseker voor hoe om haar naam se betekenis aan die navorser te verduidelik. Die Xhosa maatskaplike werker verduidelik haar naam beteken "girls are still there," die moeder het dus gedink sy verwag 'n seun, maar dit was toe 'n dogter.	Volgens Adri is haar naam uniek, sy is nie na iemand in haar familie vernoem nie. Haar oom het haar naam gekies en sy hou daarvan. Sy noem dat sy die navorser "Nontyatambo" sou noem wat beteken "beautiful flower."
Sy lag en noem wat haar bynaam is. Sy word meer ernstig toe sy verduidelik watter boek haar gunstelingboek is.	Volgens Adri handel haar gunstelingboek oor 'n ongehoorsame kind wat nie by die huis wou bly nie en by haar kêrel wou gaan bly. Aan die einde van die boek wou die ma haar nie terugneem nie en het die meisie selfmoord gepleeg.
Adri vertel spontaan van die insident toe sy die beweerde oortreder gekry het en hy haar gedreig het met 'n geweer om saam met hom te loop. Energievlakke is half laag en sy lyk hartseer toe sy vertel wat gebeur het.	Volgens Adri is haar gunsteling musiekgroep "Revolution", gunsteling TV-program is "Generations," en haar gunstelingkos is pizza.
Adri was spontaan en het gemaklik inligting oor haarself gegee.	Adri identifiseer 'n steen in haar lewe as 'n insident van die vorige week toe sy haar ma kwaad gemaak het omdat sy laat ingekom het. Sy besef dat haar ma bekommerd is dat iets soortgelyks as die voorval met haar kan gebeur.
	Adri identifiseer nog 'n steen as haar vriende wat ontsteld was omdat sy nie saam met hulle geloop het nie, maar wel saam met haar suster se vriende gegaan het.
	Volgens Adri het sy die beweerde oortreder gekry wat versoek het dat sy saam met hom

	moet gaan. Hy het sy geweer gewys. Sy het weggehardloop toe hy in die smokkelhuis ingaan om drank te koop. Adri ontken dat sy enige romantiese gevoelens vir die beweerde oortreder het.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Goeie verhouding met portuurgroep.	Toon nie weerstand om te vertel wat gebeur het toe sy die beweerde oortreder onlangs gekry het nie. Op haar voorgrond is haar gedrag wat konflik tussen haar en haar ma veroorsaak.

8.2.5.7 Verloop van sessie vyf. Teenwoordig: Adri en Vuyokazi.

Die navorser betrek Mandy by bespreking van die aktiwiteit: "My veiligheid," (sien punt 6.2.1.2.).

Tabel 8.68: Kwalitatiewe data van sessie vyf met Adri Samuuls.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Adri is mooi aangetrek.	Volgens Adri is die beweerde oortreders gearresteer weens huisbraak.
Adri het verkoue. Neus loop en oë is tranerig.	Volgens Adri bly sy saam met haar ma, broer, twee susters en susters se kinders.
Sy dui aan op skaal van 10 dat sy net na die voorval altyd (10) onveilig gevoel het, en noudat die beweerde oortreders gearresteer is, nooit (0) onveilig voel nie.	Adri verduidelik dat die rede waarom sy nie veilig by die skool voel nie, is omdat sy vyf km na die skool loop en bang is dat die beweerde oortreders haar kan inwag.
Adri plak huisies om aan te dui dat sy na die volgende plekke gaan: kerk, skool, drie van haar vriende se huise. Sy dui aan met 'n kruisie dat sy nie veilig voel by die skool nie.	Volgens Adri is dit nie veilig by die smokkelhuise in haar gemeenskap nie en is dit ook nie veilig om in die donker rond te loop nie.
Adri het die navorser humoristies daarop gewys dat die navorser haar 'n verjaarsdagpersent moet gee.	Volgens Adri het sy en die beweerde oortreder vir ongeveer ses maande in dieselfde straat gebly en saam gespeel. Adri hulle het in Februarie getrek en hy het vir haar gesê dat sy nou sy meisie is, waarop sy "nee" gesê het. Hy het gesê dat hy na hulle huis gaan kom, en dat sy sal sien, dat hy haar sal kry. Hy het na hulle huis gekom en gevra of haar broer daar is en het toe weer geloop.
	Adri vertel dat sy en haar vriendin die aand van die voorval huis toe geloop het, toe hulle die vier ouens gekry het. Die ouens het na bewering gesê dat hulle moet saamkom waarop hulle "nee" gesê het. Die ouens het hulle toe na 'n huis getrek.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Nie skool toe vandag nie weens reën en sy moet vyf km na skool loop. Sy is ook verkoue. Sy vertel dat haar susters se kinders	Toon nie weerstand om meer inligting van die beweerde oortreders te gee nie.

huil as hulle nie saam met haar kan gaan nie.	
Sy vertel dat haar een suster en een broer 'n kort humeur het.	Op haar voorgrond is bespreking van die veiligheid en die beweerde oortreders.

8.2.5.8 Verloop van sessie ses. Teenwoordig: Adri en Vuyokazi.

Die navorser betrek Adri by die aktiwiteit: "Selfgeldende gedrag," (sien punt 6.2.3.8.). 'n Oop en direkte benadering tydens sessies gee die adolessent 'n gevoel van 'n ferm basis en mag. Dit, tesame met die boodskappe dat die terapeut in beheer is van die situasie, is die basis wat die kind benodig om aspekte aan te spreek (James, 1989:11).

Tabel 8.69: Kwalitatiewe data van sessie ses met Adri Samuals.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Adri geniet die rollespel en vertolk haar rolle met selfvertroue.	Volgens Adri tree sy soms aggressief en selfgeldend op, maar nie passief nie.
Sy maak meer oogkontak as aanvanklik. Toepaslike humor, sessie lig van aard.	Adri vertel dat sy môre in die skoolopvoering die rol van 'n sanggoma moet uitbeeld.
Maak goed gebruik van nie-verbale kommunikasie tydens die rollespel.	Volgens Adri was die beweerde oortreders aggressief.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Beplan haar opvolg MIV bloedtoets by die hospitaal.	Geen weerstand nie. Die rollespel en haar komende skoolopvoering is op haar voorgrond.

8.2.5.9 Verloop van sessie sewe en agt. Teenwoordig: Adri en Vuyokazi.

Die navorser neem Adri na die landdroshof en betrek haar by die aktiwiteit: "Hofvoorbereiding, (sien punt 6.2.2.7.). Om getuie af te lê, is 'n stresvolle ervaring vir die adolessent wat seksueel misbruik is (Müller, 2000a:68). Tydens sessie agt neem die navorser vir Adri vir haar opvolg MIV-bloedtoets. Sy is bang en bekommerd.

Tabel 8.70: Kwalitatiewe data van sessie sewe met Adri Samuals.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Adri dui in haar hofvoorbereidingboekie aan dat sy bang is vir die hofsaak. Adri beeld die rol van die staatsaanklaer uit tydens die rollespel in die hof. Adri toon selfvertroue wanneer sy deelneem aan rollespel of drama.	Sy verduidelik dat sy bang is vir die oortreders en vir die mense wat by die hof werk.
Adri toon relevante humor en lag oor die rollespel. Sy gee baie goeie deelname en geniet dit.	
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND

Besoek die hof.	Toon geen weerstand nie. Die komende hofsak is op haar voorgrond.
-----------------	---

8.2.5.10 Verloop van sessie nege. Teenwoordig: Adri en Vuyokazi.

Die navorser betrek Adri by die aktiwiteit: "7de Laan," (sien punt 6.2.2.6.). Die navorser het die program "7de Laan" net vervang met "Generations," aangesien sy "Generations" kyk.

Tabel 8.71: Kwalitatiewe data van sessie nege met Adri Samuals.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Adri het 'n verkoue en is daarom stillerig. Energievlakke is laag.	Adri identifiseer die volgende positiewe eienskappe waarvoor sy beskik: Trek mooi aan, vriendelik, toon respek, mooi, selfversekerd, gelukkig en kreatief.
Gee egter goeie samewerking en reageer goed op direkte vraagstelling.	Volgens Adri is die een negatiewe eienskap dat sy wel soms passief optree.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Gaan sien Adri by die skool.	Geen weerstand nie. Die aktiwiteit is op haar voorgrond.

8.2.5.11 Verloop van sessie tien. Teenwoordig: Adri en Vuyokazi.

Die navorser betrek Adri by die aktiwiteit: "Onvoltooide sinne," (sien punt 6.2.3.4.). Adri voltooi onder andere die volgende sinne: "Ek wil nie **die verkeerde goed doen nie soos om na plekke soos smokkelhuise te gaan,**" "Ek voel veilig wanneer **ek by die huis is,** en "Ek praat nie **oor my geheime nie.**"

Tabel 8.72: Kwalitatiewe data van sessie tien met Adri Samuals.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Adri is mooi aangetrek en in 'n ligte gemoedstoestand.	Volgens Adri het sy hartseer gevoel oor 'n vriend wat geskiet is tydens 'n rooftog.
Adri se gesigsuitdrukking kom soms hartseer voor. Adri maak meer oogkontak as aanvanklik. Goeie belangstelling en deelname.	Volgens Adri voel sy seergemaak wanneer haar vriende spelenderwys iets sê en nie besef dat hulle haar seermaak met wat hulle sê nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Vanuit onvoltooide sinne blyk dit dat Adri veilig voel by die huis. Sy het die volgende sin voltooi: "Ek voel op my beste wanneer ek by my familie is en televisie kyk. "	Weerstand om oor haar geheime te praat. Sy voltooi die volgende onvoltooide sin: "Ek praat nie oor my geheime nie." Op haar voorgrond blyk dit dat sy haar familie baie belangrik ag in haar lewe.

8.2.5.12 Verloop van sessie elf. Teenwoordig: Adri en Vuyokazi.

Die navorser het daarna vier keer skool toe gegaan, maar sy was nie by die skool nie. Die navorser noem aan Adri dat die navorser en haar juffrou bekommerd is dat sy so baie afwesig is by die skool. Die navorser noem aan Adri dat haar moeder vir Vuyokazi ingelig het dat Adri na bewering met die beweerde oortreder uitgaan. Adri ontken dit en noem dat sy met die beweerde oortreder se vriend uitgaan. Die navorser betrek Adri by bespreking van die aktiwiteit: “My sintuie,” (sien punt 6.2.2.3.). Volgens Adri het sy tydens die voorval die volgende inligting ontvang:

- Sy het die beweerde oortreders gesien en die manier waarop die ouens vir haar en Mandy geroep het, het haar laat dink dat daar iets fout is en iets gaan gebeur.
- Volgens Adri het sy alkohol geruk en gedink dat hulle gedrink het en was bang.
- Volgens Adri het sy gevoel sy word getrek en het gedink sy moet skree.

Tabel 8.73: Kwalitatiewe data van sessie elf met Adri Samuals.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Adri se sintuie word getoets met die reukbottels, voelboks, “wizzard puzzle.” Sy is in staat om haar sintuie goed te gebruik en geniet die aktiwiteite.	Adri noem dat sy nie “voel” om skool te gaan nie en erken dat sy ‘n week weggegaan het saam met vriende sonder haar ma se toestemming. Volgens Adri was sy saam met haar kêrel en die twee beweerde oortreders in Mandy se saak weg.
Sy kom meer selfversekerd voor as tydens vorige twee sessies waartydens sy stiller en meer teruggetrokke voorgekom het.	Volgens Adri gaan sy alreeds twee maande met die beweerde oortreder in haar saak, se vriend uit. Volgens Adri het sy haar kêrel vertel van die seksuele misbruiksaak, maar niemand het daarvoor gepraat nie.
	Volgens Adri was die beweerde oortreder in haar saak nie saam met hulle weg nie. Volgens Adri oorweeg sy om die hofsaak terug te trek en voer aan sy dat bang is vir die hofsaak.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Adri plaas haarself in gevaar deur weg te gaan met die beweerde oortreder se vriend en die twee beweerde oortreders in Mandy se saak.	Toon geen weerstand om oor haar beweerde kêrel of die week wat sy weg was te praat nie.
Sy is nie gemotiveerd om skool by te woon nie.	Op Adri se voorgrond is haar vriende saam met wie sy weggegaan het en dat sy nie gemotiveerd is om skool by te woon nie.

Mev. Samuals het Vuyokazi Ngalwa gaan sien en ingelig dat Adri na bewering saam met die beweerde oortreder in haar saak weggegaan het. Volgens mev. Samuals het

Adri en die beweerde oortreder se tante na Strand Polisiestrasie gegaan om die saak terug te trek. Die navorser reël 'n gesamentlike sessie met Adri en haar moeder.

8.2.5.13 Verloop van sessie twaalf. Teenwoordig: Adri, mev. Samuals en Vuyokazi.

Die navorser bespreek die beweringe, naamlik dat die beweerde oortreder Adri se kêrel is en dat Adri die saak teruggetrek het. Die navorser het mev. Samuals ingelig omtrent die waarheid nadat Adri dit aan die navorser onthul het. Mev. Samuals was kalm en nie-veroordelend nie. Sy het haar kommer uitgespreek omdat Adri nie openlik met haar is nie en het versoek dat Adri haar kêrel aan haar moet voorstel. Mev. Samuals het Adri se kêrel se moeder gaan sien en versoek dat hy haar moet kom sien. Volgens mev. Samuals gaan hulle na die Oos-Kaap vir die vakansie en sal in Januarie terug wees. Die navorser het statutêre verkragting aan Adri verduidelik en haar daarop gewys dat sy nog nie ingeligte toestemming kan gee vir seksuele omgang nie.

Tabel 8.74: Kwalitatiewe data van sessie twaalf met Adri Samuals.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Adri se oë is aanvanklik tranerig en sy het oogkontak vermy.	Adri erken dat sy toestemming gegee het vir seksuele omgang alhoewel sy nog onder ouderdom is.
Nadat die waarheid bespreek is, het Adri verlig en tevrede voorgekom.	Volgens Adri wou sy nie vantevore erken het dat sy 'n verhouding met die beweerde oortreder het nie, want sy was bang dat sy aangekla sal word.
	Volgens Adri is sy steeds in 'n verhouding met die beweerde oortreder.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Volgens Adri wil sy nie hê dat haar ma haar na die Oos-Kaap moet stuur nie, want sy wil nie daar bly nie.	Aanvanklik weerstand getoon en dit was vir haar moeilik om die waarheid te erken.
Volgens Adri wil sy steeds kom vir terapie.	Die verhouding met haar kêrel was op haar voorgrond.

8.2.5.14 Verloop van sessie dertien. Teenwoordig: Adri, mev. Samuals en Vuyokazi.

Volgens mev. Samuals gaan dit beter en Adri het besluit om die verhouding met haar kêrel te beëindig. Die navorser het met die staatsaanklaer gepraat; sy het nog nie Adri

se terugtrekverklaring ontvang nie. Mandy, Adri se vriendin, gaan egter voort met haar saak, aangesien sy nie die twee beweerde oortreders wat haar verkrag het, toestemming gegee het nie. Die navorser betrek Adri by die aktiwiteit: “Positiewe denke,” (sien punt 6.2.2.5.). Volgens James (1989:13) is daar gewoonlik binne getraumatiseerde adolessente sterk en angsvolle gevoelens toegesluit dat hulle hulpeloos, sleg en skuldig is en daarom moet boodskappe wat die adolessent tydens terapie ontvang, ooreenstem met die intensiteit van die negatiewe boodskappe sodat dit gehoor, gevoel en geglo kan word.

Tabel 8.75: Kwalitatiewe data van sessie dertien met Adri Samuals.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Adri is stiller voor haar moeder as wanneer sy alleen saam met die navorser is. Sy kom tog meer teruggetrokke voor.	Adri identifiseer die positiewe aspekte in haar lewe as volg: die terapie, haar ma se ondersteuning, dat sy die waarheid vertel het, sy het geleer sy het regte, en dat sy opgebreek het met haar kêrel omdat hy stout is, drink en mense slaan.
Sy het aanvanklik gesukkel en onseker gelyk watter positiewe aspekte om te identifiseer in haar lewe. Nadat sy egter die lys opgestel het, het sy verlig voorgekom toe sy die baie positiewe aspekte erken.	Adri noem dat die negatiewe aspek was dat sy bang was omdat sy nie die waarheid erken het nie.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Adri gaan die vakansie na haar oom in Kayelitsha en sy gaan nie meer Oos-Kaap toe nie.	Geen weerstand nie. Op haar voorgrond is die waarheid wat uitgekrom het.

8.2.5.15 Verloop van sessie veertien. Teenwoordig: Adri.

Adri het vir haar opvolgafspraak na die vakansie nie opgedaag nie. Sy het vir haar tweede afspraak weer nie opgedaag nie en die navorser het haar by die huis gaan haal ten einde verdere dienslewering te bespreek. Beplan om volgende sessie die Kinderfunksioneringsinventaris-Hoërskool te voltooi.

Tabel 8.76: Kwalitatiewe data van sessie veertien met Adri Samuals.

NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE / LIGGAAMSHOUDING	EMOSIONELE UITDRUKKING / KONTAK MET DIE SELF
Adri is deur die slaap en het duidelik haar afspraak verslaap.	Adri bevestig dat sy steeds die saak wil terugtrek, en nie wil voortgaan met ‘n statutêre verkragtingsaak nie.
Adri het gewig opgetel en is mooi aangetrek.	Adri voel dat sy reg is om te termineer.
KONTAK MET DIE OMGEWING	WEERSTAND / VOORGROND
Volgens Adri is haar moeder nog in die Oos-	Twee sessies nie opgedaag nie (weerstand).

Kaap en bly sy by haar broer.	
Volgens Adri het sy haar vakansie by haar oom geniet.	Op haar voorgrond is dat sy die vakansie geniet het en geslaag het.

8.2.5.16 Verloop van verdere dienslewering.

Adri was volgens haar suster vir een aand toegesluit omdat sy na bewering dronk op straat was. Die navorser het Adri by die skool besoek, maar dit was 'n sportdag en die kinders was nie by die skool nie. Sy het nie vir haar volgende afspraak opgedaag nie. Die navorser en Xhosa vrywillige werker het 'n tuisbesoek gedoen. Adri het genoem dat sy hoofpyn het en dat sy die tyding ontvang het dat haar moeder in die Oos-Kaap oorlede is. Adri was hartseer en het gehuil. Sy het die navorser ingelig dat haar oom haar gaan kom haal en dat sy vir drie weke in die Oos-Kaap sal wees. Dit het egter onder die navorser se aandag gekom dat Adri nie Oos-Kaap toe gegaan het nie. Adri het die Xhosa vrywillige werker ingelig dat haar oom haar nie kom haal het nie, maar volgens 'n ander persoon het Adri weggehardloop toe haar familie haar kom haal het. Die ondergetekende het Adri na die betrokke welsynsinstantie verwys vir 'n ondersoek na haar veiligheid en versorging. Adri se suster het Adri kom haal en sy is toe na die Oos-Kaap. Adri se broer is na bewering gearresteer vir 'n moordsaak. Die Xhosa vrywillige werker het die navorser ingelig dat die gemeenskap se straat-komitee Adri se ma se huis verkoop het omdat Adri se broer na bewering iemand vermoor het. Die navorser het Adri uiteindelik weer 'n paar maande later gesien. Sy bly by haar suster. Sy het goed gelyk en alhoewel sy genoem het dat sy weer na die navorser wil kom, het sy nie. Die navorser het weens geen samewerking nie, noodgedwonge getermineer en handhaaf 'n oop-deur beleid.


8.2.5.17 Kwantitatiewe data voor en na afloop van die implementering van die spelterapieprogram

Die voortoets het daarop gedui dat Adri se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente nie haar positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed nie. Adri se funksionering is tydens aanvang van terapeutiese dienslewering as effektief beskryf. Die navorser skryf dit daaraan toe dat Adri toestemming gegee het vir seksuele omgang (alhoewel sy onder ouderdom is), die persoon met wie sy seksuele omgang gehad het, was haar kêrel en sy het dus die

seksuele omgang nie as traumaties beleef nie. Die navorser was nie in staat om 'n natoets te doen nie, aangesien Adri nadat sy onthul het dat sy nie verkrag is nie en wel toestemming gegee het, nie samewerking gegee het ten opsigte van bywoning van verdere sessies nie.

Adri se algehele Selfpersepsiepunten-totaal (die gemiddelde van al die selfpersepsie-elemente) tydens aanvang van terapeutiese dienslewering was 30%. Haar selfpersepsietelling het dus nie op 'n behoefte vir verbetering getoon nie. Haar angstigheidtelling tydens aanvang van terapeutiese dienslewering was 50% en het op 'n behoefte vir verbetering getoon. Die navorser skryf dit daaraan toe dat sy nie die waarheid gepraat het nie en gesê het dat die beweerde oortreder haar verkrag het, en in werklikheid is hy haar kêrel en het sy toestemming gegee. Die ander meisie wat saam met haar was tydens die voorval en werklik na bewering verkrag is, se oom het 'n saak gerapporteer en daarom het Adri toe ook gesê dat sy verkrag was. Haar "verantwoordelikheid-vir-ander"-telling het ook gedui op 'n behoefte vir verbetering. Die navorser is van mening dat Adri dalk in 'n mate verantwoordelik gevoel het dat haar vriendin na bewering verkrag is, aangesien sy bevriend was met die beweerde oortreders.


Figuur 8.9: KFI-HOËR Profiel – Selfpersepsie



Adri se algehele Trauma-Dinamikapunten-totaal (die gemiddelde van al die trauma-dinamika-elemente) tydens aanvang van terapeutiese dienslewering was 26% en was

dus onder die aanbevole gebied. Slegs Adri se wantrouetelling het op 'n behoefte vir verbetering getoon. Die navorser skryf dit daaraan toe dat Adri tydens aanvang van terapeutiese dienslewering nie die waarheid oor die voorval gepraat het nie, haar kêrel is gearresteer vir verkragting, sy het ander se vertrouwe verbreek en het dus self ook nie geweet wie sy kan vertrou nie.

Figuur 8.10: KFI-HOËR Profiel – Trauma Dinamika



8.2.5.18 Integrasie van die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindings

Die voortoets volgens die Kinderfunksioneringsinventaris het daarop gedui dat Adri se algehele selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente nie op 'n behoefte vir verbetering dui nie en haar funksionering is as effektief beskryf. Die navorser kan daarom die afleiding maak dat sy die seksuele omgang wat sy met haar kêrel gehad het, nie as tramaties ervaar het nie en dat dit nie haar selfpersepsie nadelig beïnvloed het nie.

Tydens aanvang het Adri weerstand getoon om oor die beweerde voorval te praat. Sy het skamerig voorgekom tydens die eerste sessie. Tydens die tweede sessie het sy moeg voorgekom en die navorser het dit daaraan toegeskryf dat hulle eksamen skryf. Tydens die derde en vierde sessie het sy meer selfversekerd voorgekom. Adri was

verkoue tydens die vyfde sessie en haar oë was waterig. Sy het die rollespel tydens sessie ses en sewe geniet en dit het voorgekom asof sy drama geniet. Tydens sessie nege was sy weer verkoue en stillerig. Tydens sessie tien het die navorser opgemerk dat sy soms 'n hartseer uitdrukking op haar gesig het, maar kon op daardie stadium nog nie 'n verklaring daarvoor kry nie. Na haar tiende sessie het sy begin weerstand toon deur nie skool by te woon nie en nie samewerking te gee ten opsigte van bywoning van haar sessies nie. Adri het tydens die twaalfde sessie die waarheid onthul, haar oë was tranerig en sy het oogkontak vermy. Sy het na onthulling van die waarheid in die opeenvolgende sessie teruggetrokke voorgekom en het daarna nie samewerking gegee ten opsigte van bywoning van die sessies nie.

Vanuit die kwalitatiewe data het dit vir die navorser duidelik geword dat Adri 'n onvoltooidheid in haar lewe het, maar moes teen haar pas beweeg totdat sy gereed was om die waarheid te vertel. Dit maak nou vir die navorser sin waarom sy aanvanklik weerstand getoon het om oor die voorval te praat. Die navorser het Adri na die betrokke welsynsinansie verwys vir 'n ondersoek na haar veiligheid en versorging aangesien sy nie samewerking gegee het ten opsigte van bywoning van sessies na onthulling van die waarheid nie, Adri se moeder is oorlede, haar broer (by wie sy gebly het) word na bewering aangekla vir moord, Adri was bevriend met die beweerde oortreder en weens die beweringe dat sy alkohol misbruik. Vanuit Adri se agtergrondgeskiedenis het dit vir die navorser duidelik geword dat sy baie rondgetrek het tussen familieleden en dat die onlangse gebeure, naamlik die dood van haar ma en arrestasie van haar broer, haar sekuriteitsbasis verder nadelig moes beïnvloed het. Die navorser handhaaf egter 'n oop-deur-beleid en Adri is ingelig dat indien sy die navorser weer wil kom sien, dat sy altyd welkom is.

8.3 Samevatting

Die voortoets van die Xhosa adolessent wat later tydens die terapeutiese proses erken het dat sy nie verkrag is nie, maar toestemming gegee het en dat die beweerde oortreder haar kêrel is, se selfpersepsie en trauma-dinamikatelling het reeds voor intervensie daarop gedui dat daar nie 'n behoefte op verbetering is nie en haar funksionering is as effektief beskryf. Sy het dus nie die seksuele omgang met haar kêrel as traumaties ervaar nie en haar selfpersepsie was nie daardeur geaffekteer nie.

Die voortoets van een van die Xhosa-respondente het reeds voor intervensie daarop gedui dat haar selfpersepsie en trauma-dinamika nie haar positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed nie. Die drie voortoets van die ander drie Xhosa-respondente het daarop gedui dat al drie respondente se selfpersepsies en trauma-dinamika-elemente soms hulle positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed. Die drie se funksionering is tydens aanvang van terapeutiese dienslewering as fluktuierend beskryf.

Die vier natoets van die bogenoemde respondente het daarop getoon dat al vier respondente se selfpersepsies en trauma-dinamika-elemente nie hulle positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed nie. Al vier Xhosa-respondente se funksionering is tydens terminering van terapeutiese dienslewering as effektief beskryf.

Die gemiddelde van die vier respondente se selfpersepsietellings voor intervensie was 40.75% en na afloop van intervensie was die gemiddelde 20.25%. Die aanbevole gebied is 'n totaal van minder as 30%. Die gemiddelde van die vier respondente se trauma-dinamikatellings voor intervensie was 25.5% en na afloop van intervensie was die gemiddelde 17.25%. Die aanbevole gebied is 'n totaal van minder as 30%. Al vier die Xhosa-respondente se selfpersepsietellings en trauma-dinamika-tellings het individueel verbetering getoon.

Die inligting wat met behulp van die onderhoude aan die hand van die onderhoudskedule met die ouer(s) of versorger(s) van die respondente ingesamel is, het ook daarop gedui dat hulle positiewe veranderinge by die respondente na die implementering van die speltherapieprogram opgemerk het. Die kwalitatiewe en kwantitatiewe resultate komplementeer mekaar. Die resultate dui dus daarop dat die implementering van die speltherapieprogram die Xhosa-respondente se selfpersepsie en trauma-dinamika-elemente positief bevorder het.

In hoofstuk nege sal die blanke adolessente se resultate wat uit die empiriese ondersoek verkry is, asook die interpretasie daarvan, aangebied word.